Maar God

Liewe bidder

Ek wil graag ‘n paar gedagtes met julle deel. Mag dit julle, soos vir my, bemoedig en opbou.

Te dikwels vind ons die gesindheid van Dawid in ons as ons, soos Dawid, begin om “ons mense te tel”. Joab het vir Dawid gewaarsku, maar hy wou nie luister nie. Daar was trots in Dawid se hart en nes Dawid kan ons ook mense begin tel om te sien of ons sterk genoeg is om die oorwinning te behaal. Op ‘n manier het God probeer om vir Dawid te sê: 'Jy wil jou mense tel omdat jy dink jou krag lê in mense. Maar al wat jy moet tel, is vir My. Jy het My nog nie getel nie!' Selfs in die donkerste nag, moet ons God eers in berekening bring. God en Sy baie en goeie beloftes sal al die deure oopsluit en vir ons die mense gee wat ons nodig het om die werk te doen. Ons krag mag nooit in “prinse, mense of die krag van ons perde” lê nie.

Te dikwels 'tel' ons boosheid. Ons sien al die donker dinge in die wêreld en in ons land. Maar ons 'tel' nie al die goedheid van God en die krag van liefde deur die lewe van Sy Seun en Sy Liggaam op die aarde nie. God kan deur groot en klein dinge werk. Laat ons die klein dingetjies nie gering ag nie, soos die Skrif sê: '*Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie*' (**Sag.4:10**). God gebruik nie net begaafde mense en persone in besondere posisies nie, maar ook miljoene gewone, gebroke en 'gesiglose' mense. En dit is veral hierdie miljoene “gesiglose” mense wat ‘n enorme impak op die wêreld het.

Ons tel ons swakheid en vergeet om die krag van God wat nog kragtiger manifesteer wanneer ons swak is, by te reken. Erken jou swakhede, maar kyk na die krag van God. Dit sal jou vry maak. Ons moet slegs die kanale wees waardeur die krag van God vloei – om die verlorenes in ‘n wêreld in nood en duisternis te bereik. Ons tel ons gebrek aan bronne en ons sien nie met ons oë van geloof die voorraadkamers van God nie. Ons tel ons vyande, maar nie God se beskerming en Sy magtige engele wat ons dien nie (**Heb.1:14**).

‘n Tweede ding wat my getref het is dat ons nie die reg het om moed te verloor en om op te gee voordat God vir ons sê om op te gee nie. Vir my was dit ‘n gedagte wat my net weer perspektief gegee het oor wie nou eintlik God is: God of ons omstandighede. So dikwels lê ons net ons werk en verantwoordelikhede neer en beweeg aan. Ons soek na beter werk, beter salarisse, ‘n ander kerk, selfs na ‘n ander stad of land. Ja, God kan vir ons sê om te skuif. Maar ons moenie beweeg voordat Hy so sê nie. Ons kan nie op Sy voorsiening reken as ons na 'n plek gaan waarheen Hy ons nie gestuur het nie. Sy krag en beloftes is bedoel vir daar waar Hý ons volgens Sý plan wil vestig.

In hierdie uitgawe

Ons fokus in hierdie uitgawe van die *Jerigo Mure gebedsgids* op gebedsriglyne soos hoe ‘n Pa vir sy seun kan bid, hoe om te bid wanneer ek met ‘n ongeneeslike siekte gediagnoseer word en hoe jongmense kan bid oor ‘n verhouding. Ons fokus ook op dissipelskap, siektes wat die wêreld bedreig soos bv. varkgriep/voëlgriep/kolera in Zimbabwe, MIV/VIGS, ens., en om vir die miljoene Moslems regoor die wêreld te bid. Ons wil julle aanmoedig om vir die *Vervolgde Kerk* te bid gedurende November en vir herlewing in die Kerk oor Desember. Wat ‘n verantwoordelikheid en voorreg om te bid vir ‘n wêreld in nood, wetende dat God ons gebede verhoor en dat ons gebede mense in enige land, volk, stad of huis sal aanraak. Laat ons naby aan God se hart kom, wat vol liefde en barmhartigheid is. Bly by Hom totdat Sy hart jou hart word en begin dan bid. Slegs dan sal die Kruis en die Naam van die Here Jesus Christus vir jou sin maak en slegs dan sal jy die vryheid beleef om met vrymoedigheid te vra.

Die beroemde teoloog, Karl Barth, het gesê: Om hande te vou in gebed, is die begin van opstand teen die wanorde van die wêreld.

Ef.3:20

Bennie Mostert

Besturende Direkteur: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*

Wat, waar en wanneer
Internasionaal

18 September - 2 Oktober 2009: *All Nations Convocation* in Jerusalem

Tom Hess, President van *All Nations Convocation Jerusalem,* sê dat afgevaardigdes uit minstens 120 lande verwag word by hierdie jaar se byeenkoms. Vir meer inligting, besoek die webruimte: http://www.jhopfan.org/convocations.html

1-4 Oktober 2009: Internasionale *24-7 Prayer* gebedsbeweging byeenkoms 2009

Vanaf 1-4 Oktober hou *24-7 Prayer* organiseerders 'n *24-7 Prayer* gebedsbyeenkoms in Amsterdam, Holland. Die primêre fokus is spesifiek gerig op die *24-7 Prayer* Gebedsvisie vir *Boiler-rooms* as 'n strategie vir sending in die toekoms. (Webruimte: http://www.24-7prayer.com/content/970).

10-13 November 2009: *South-East Asia Prayer Consultation (SEAPC)* Bangkok, Thailand

Die konsultasie program duur tot die 15de November, Thailand se Nasionale Gebedsdag, en dit is dan ook die laaste dag van die jaarlikse 40 dae van vas en gebed vir hulle land. Vir meer inligting, besoek http://transform-world.net/newsletters/2008/08/SEAPC08.pdf of e-pos: lena@silkiss.biz

Desember 2009: *Swazi 1000*

Soos die meeste van ons nog sal onthou, het die jaar 2008 met 'n groot inisiatief geëindig. Meer as 350 vrywilligers het *Swazi 1000* in 2008 bygewoon met nog 'n verdere 45+ wat na Botswana en Zambië is en 20+ wat die eerste *MOTE level 2* in Kenia begin het. In Swaziland is 15 gemeenskapsgeboue en 183 huise voltooi, 345 huise geverf, 461 huise verbeter, 2 muurskilderye en 1 kennisgewingbord geverf. Dit was 'n onvergeetlike tyd en ons sien nou uit na die volgende *Swazi 1000* ervaring hierdie komende Desember 2009. Vir meer inligting kontak, MOTE, tel.: +27 12 343 5206, faks: +27 12 343 1167. Webruimte: www.mote.co.za of e-pos: info@mote.co.za

Wat, waar en wanneer
Nasionaal

Angus Buchan hou die volgende stadion-uitreike: 12 September – Upington, 10 Oktober – Vredendal, and 14 November – Worcester. Vir meer inligting, kontak *Shalom Ministries,* Posbus 373, Greytown, KwaZulu-Natal. Tel.: 033 417 1695 (Intl.) of 033 413 2287. Webruimte: www.shalomtrust.co.za of e-pos: shalom@futuregtn.co.za

28 September – 2 Oktober 2009: Die 8ste *Watchman's School of Prayer*

Die 8ste jaarlikse *Watchman's School of Prayer* is 'n geleentheid vir elke Gelowige wat die versugting in sy hart het dat dag en nag gebed en aanbidding sy kerk en gemeenskap sal begin deurdrenk. Hierdie is 'n voltydse vyfdag skool wat fokus op:

- 'n Dieper gebedslewe.
- Die leer van verskillende vorme van individuele en korporatiewe gebed.
- Die ontvang van praktiese wenke oor hoe om 'n 24-7 gebedswag in jou plaaslike gemeente of gemeenskap te begin.

Ons nooi jou uit om een van die 140 afgevaardigdes te wees wat ons by die skool verwag. Dit word aangebied in Simonstad, suid van Kaapstad, in die unieke Rockland Konferensiesentrum. Ons gaan saam die Here in gebed en aanbidding soek, leer uit mekaar se ervarings en Hom vertrou om die fondasie vir dag en nag gebed in elke kerk en gemeenskap te versterk. Daar is verblyf vir slegs 120 persone teen **R950-00 per persoon**. Verlede jaar was ons vol bespreek. Registreer dus so gou as moontlik by Lizette by +27 21 919 7988 of e-pos: cape@jwipn.com

Het u geweet?

Terugvoer van die Nasionale Dag van gebed op 20 Maart 2009

20 Maart 2009 sal onthou word as die dag van gebed vir die regering en die verkiesing. Christene regoor Suid-Afrika en ook oorsee het hulle voor die Here verootmoedig. *Rippel 90.5 FM,* 'n gemeenskapsradiostasie in Pretoria, het ook luisteraars opgeroep tot gebed en mense van verskeie gemeentes en organisasies het oor die lug gebid. 'n Man het getuig hoe hy sy radio aangeskakel het net toe die gebede uitgesaai is. God het sy hart net daar aangeraak sodat hy die

res van sy afsprake vir die dag gekanselleer het om tyd alleen met die Here deur te bring! (Radio *Rippel 90.5 FM*, Posbus 912 1905, Silverton, 0127. Tel.: +27 12 349 2574, faks: +27 12 349 2578. Webruimte: www.rippel.co.za).

Evangeliereeks vir Dowes

DOOR International (Deaf Opportunity OutReach) werk daaraan om gedurende 2009 'n evangeliereeks te voltooi wat uit 32 Bybelgedeeltes bestaan in die Keniaanse en Kerala (Indiese) Vingertale. Die gedeeltes moet goedgekeur word deur 'n vertalerkonsultant. Dit beteken die storie moet in Vingertaal omskep word en dan terugvertaal word sodat 'n konsultant dit kan nagaan en daarna moet dit in dowe gemeenskappe getoets word. Hierdie siklus moet soms drie keer herhaal word voordat dit goedgekeur word. In die geval van Vingertaalvertalings beteken dit dat daar elke keer 'n video gemaak moet word wat weer geredigeer moet word. (Volledige verslag, webruimte: http://www.doorinternational.com/news/anticipation).

Soedan: Bybels na die RSA Weermag

In Maart het 'n groep Suid-Afrikaners saam met *Gideon's International SA* 1 700 Bybels na Christen- sowel as Moslemsoldate wat in die Soedan ontplooi is, geneem. Die senior personeel van die militêre kamp het volledige Bybels aangevra. (Lars Widerberg, *Intercessors Network,* Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com).

Skokkende hongerstatistiek

Vandag sal 850 miljoen mense honger gaan slaap – dit is een uit elke ses mense op die aarde. Ongeveer 26 000 kinders sterf elke dag aan dinge soos honger, siektes, wanvoeding en ander. 'n Oorsaak hiervan is voortdurende armoede, wat die helfte van die mense op die aarde affekteer. Ongeveer 3 biljoen mense leef op minder as $2 (±R17) per dag. (Webruimte: www.worldvision.org).

Wat is aanlyn?

Hier is 'n paar maniere waarop jy vir die nasies kan bid. Die webblaaie se inligting en aanbiedings verskil, maar almal is gratis. Vind kreatiewe maniere om hierdie inligting in jou gemeente, klas, gesin of kleingroep te gebruik.

http://www.joshuaproject.net/ en http://www.prayerguard.net/
Op die *Joshua Project* webruimte kan jy elke dag vir 'n ander onbereikte bevolkingsgroep bid. Die *Prayer Guard* het iets soortgelyks.

http://www.theseedcompany.org/
Hierdie webbladbediening is verbonde aan *Wycliffe Bible Translators en* ondersteun die werk van nasionale werkers om Bybelvertaling te bespoedig.

http://www.jwipn.com
Wil jy jou gemeente motiveer om te groei in gebed en meer te bid? Besoek die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* om verskillende onderwerpe af te laai, vir daaglikse gebedspunte vir herlewing en inligting oor die ongereddes en onbereiktes in die wêreld. Besoek http://www.global24-7.org/ as jy jou gemeente of gebedsgroep wil registreer as deel van 'n netwerk van gemeentes of gebedsgroepe wat hulleself verbind tot dag en nag gebed.

http://www.japanmission.org/
Japan Mission is interkerklik en het 'n netwerk wat nuwe Gelowiges in aanraking bring met evangeliese kerke wat suiwer Bybelse lering gee. Hulle bedien ook die Kerk in Japan met video-materiaal, evangeliese programme en literatuur.

Aanhalings

Die Christen op sy knieë sien meer as die filosoof op die punte van sy tone. – D. L. Moody

Sommige mense dink dat God nie gesteur wil word met ons gedurige gekom en gevra nie. Die enigste manier waarop ons God kan steur, is as ons glad nie kom nie. - D.L. Moody

Gebed is swakheid wat op Almag steun. - W. S. Bowden

Jesus Christus doen intersessie vir ons in die hemel; die Heilige Gees doen vir ons intersessie op die aarde en ons, as Christene, moet intersessie doen vir alle mense. - Oswald Chambers

Werk asof alles van jou werk afhang, en bid asof alles van jou gebede afhang. - William Booth

'n Geesdriftige man voel soos 'n lamp wat gemaak is om te brand; en as hy uitgebrand het, het hy maar net die werk gedoen waarvoor God hom geroep het. So iemand sal altyd 'n plek vind om toegewyd te werk. As hy nie kan preek en werk en geld gee nie, sal hy tot die Here roep, huil en sug en bid. - J. C. Ryle

Die Azusa-herlewing het begin waar elke herlewing moet begin – met berouvolle trane. Dit het begin met trane, dit is aan die gang gehou met trane en toe die trane stop, het die Asuza-herlewing gestop. - A. G. Osterberg

Die gebede en smekinge wat Christus geoffer het, het gepaard gegaan met ernstige uitroepe en trane en hierdeur het Hy vir ons die voorbeeld gestel nie net om te bid nie, maar om vurig en volhardend te bid. Hoeveel droë gebede, hoe min nat (traandeurweekte) gebede offer ons aan God! - Matthew Henry

Dit is in die gebedsveld dat die lewe se kritieke veldslae gewen of verloor word. Dit is daar waar ons al ons omstandighede oorwin. Deur gebed bring ons ons geestelike vyande in die teenwoordigheid van God in en trotseer ons hulle. Het jy dit al probeer? Of is jy tevrede om jou vyande in die oop velde van die wêreld te ontmoet en te trotseer? - J. H. Jowett

Wanneer ons uiteindelik 'n ontmoeting met God het, moet dit alleen wees en in die diepte van ons wese. Dan sal ons alleen wees selfs al word ons omring deur skares. God moet elke mens uit die kudde uithaal om hom te brandmerk. Dit is nie iets wat God vir ons tussen die massas kan doen nie. - A. W. Tozer

24-7 Gebedswagfokus: September – Desember 2009

Die volgende gebedsriglyne is bedoel om almal wat by 'n 24-7 gebedshuis betrokke is, te bemoedig en te help om oor dieselfde tydperk op dieselfde gebedsonderwerpe te fokus. Dit is slegs riglyne en koördineerders van gebedswagte kan hulle eie fokusse hierby voeg soos die Heilige Gees hulle lei. Wil jy dit nie oorweeg om hierdie gebedsversoeke op kreatiewe maniere in jou gebedskamer op te sit of in jou stiltetyd te gebruik nie? Sê ook vir ander daarvan en moedig hulle aan om oor die volgende 3 maande hiervoor te bid. Hierdie inligting is ook gratis beskikbaar op ons webruimte by: www.jwipn.com Onthou om ook op ons weeklikse *Prayer Alert,* wat op aktuele sake fokus, in te skryf by cape@jwipn.com

September: *Ramadaan*

Ramadaan, die heilige maand van vas vir miljoene Moslems duur vanaf 21 Augustus tot 20 September, 2009. Gedurende hierdie tyd bid Christene regoor die wêreld dat God, ons Vader, vir Moslems sal wys hoe lief Hy hulle het en ook vir hulle verlossing bewerk het deur Jesus, Sy Seun. Ons fokus elke dag tydens *Ramadaan* op 'n spesifieke groep Moslems in 'n spesifieke land. Baie spanne gaan tydens *Ramadaan* op gebedsreise om Gelowiges te bemoedig en om te bid vir die verlossing van mense in die Midde-Ooste, Sentraal-Asië en die Stille Oseaan-gebied: sodat Jesus Christus openbaar sal word as *die Weg, die Waarheid en die Lewe*. Laat ons nie moeg word om te bid vir die redding van mense nie - God red. Hy het Sy Seun gegee sodat mense verlos en met Hom versoen kan word. Verlossing in Christus is vir almal wat na Hom toe kom.

Oktober: Sjina

Gedurende Oktober fokus ons op Sjina. Ons bid vir al sy provinsies en geaffilieerde gebiede. Sjina het die grootste bevolkingsyfer ter wêreld en daarom is dit geen geringe saak om tyd te maak om te bid vir hierdie land nie. Oor die afgelope jare het Sjina sy invloed na baie lande van die wêreld uitgebrei. Hulle voer nie net goedere uit nie, maar koop ook grond op en sluit ooreenkomste om bronne uit verskillende lande, veral uit Afrika, te bekom in 'n poging om aan hulle

eie basiese behoeftes te voorsien. Daar is egter 'n verstommende groei in die getal Christene in Sjina en duisende sendelinge word vanuit Sjina gestuur, of is besig om hulleself voor te berei om vanuit Sjina na die res van die wêreld te gaan. Die statistiek en feite wat ons gebruik het as gebedsinligting is meestal geneem uit *Operation World, 2001*. Voel asseblief vry om self navorsing te doen en ander Gelowiges aan te moedig om saam te bid vir radikale deurbrake vir die evangelie in hierdie land.

November: Gebedsfokus op die *Vervolgde Kerk*
Elke jaar word duisende Christene doodgemaak vir hulle geloof in Christus Jesus. Dit is ons verantwoordelikheid as medegelowiges om te bid vir ons broers en susters wat vervolg word. Laat ons bid vir hulle veiligheid, vir volharding in geloof, vrymoedigheid om te getuig, vir wetgewing wat dit moontlik maak vir Christengesinne om hulle geloof daagliks in vryheid uit te leef. Bid ook vir die honderde duisende gesinne wat 'n vader, moeder of 'n kind hierdie jaar a.g.v. vervolging verloor het. Daar is baie ontwrigting, verwarring, pyn, vrees en onbeantwoorde vrae en gebede onder Gelowiges wat vervolg word. Laat ons treur saam met die wat treur, medelye hê met hulle wat ly en bid dat God vir hulle krag sal gee en hulle sal beskerm. Bid dat die Kerk wêreldwyd hulle sal beywer om hierdie Christene ook te help in hulle materiële behoeftes.

Desember: Herlewing in die Kerk
Ons leef in 'n generasie wat nie baie weet van die groot dade van God oor die laaste 2 000 jaar nie. Laat ons bid dat God Homself aan ons sal openbaar op dieselfde wyse as wat Hy Homself in vorige generasies openbaar het. *Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid* (**Heb.13:8**). Terwyl jy die verhale lees oor hoe God baie keer gedurende die afgelope eeue ingegryp het, laat dit jou bemoedig om te bid dat God dit ook in ons tyd sal doen. Kom ons gebruik die maand Desember om te bid vir geestelike herlewing in die Kerk.

Wêreldwye vervolging van die Kerk

In November fokus ons op die *Vervolgde Kerk*. Meer as 200 miljoen Christene oral ter wêreld word a.g.v. hulle geloof vervolg. Die tipe vervolging verskil van land tot land, maar dit is 'n werklikheid en Christene ly geweldig. As ons vir die *Vervolgde Kerk* vra wat hulle die meeste nodig het, is die eerste ding wat hulle sê: 'Bid asseblief vir ons.' Die *Internasionale Dag van Gebed vir die Vervolgde Kerk (IDOP)* is 'n dag van intersessie vir vervolgde Christene wêreldwyd. Hulle moedig ook gebed aan vir die bekering van die verdrukkers, vir die lande wat vervolging goedkeur en vir diegene wat vervolging ignoreer.

Kommerwekkende feitelys

- Sedert die dood en opstanding van Jesus Christus 2 000 jaar gelede was daar ongeveer 43 000 000 Christene wat as martelare gesterf het - meer as 50% hiervan gedurende die laaste eeu. Meer as 200 miljoen Christene staar elke dag vervolging in die gesig en 60% hiervan is kinders. Elke dag word meer as 300 mense doodgemaak vir hulle geloof in Jesus Christus.
- Noord-Korea is die wêreld se grootste vervolger van Christene.
- In Saoedi-Arabië kan belydende Christene onthoof of gestenig word.
- Meer as 90% van Sjina se Christene aanbid in geheime ondergrondse huiskerke om die regering se regulasies en beperkinge te vermy.
- Daar is net een Christelike kerk in die Gaza-strook oor en die ledetal het afgeneem tot minder as 100.
- In Algerië is slegs 3% van die bevolking Christene.
- Daar is 69 tale in Iran en die volledige Bybel is in slegs 3 daarvan vertaal. Iran is ook die derde grootste vervolger van Christene in die wêreld.
- Daar is na beraming minder as 500 Christene in die Maledive.
- Minder as 1,7% van die bevolking in Pakistan is Christene en meer as 70% van hulle is van die armste onder die armes.
- Prediking in die openbaar is strafbaar in Soedan met lyf- of tronkstraf.
- Daar is ongeveer 1 100 Christensendelinge in Turkye.

(Bronne: http://opendoorsusa.org/ en http://www.christiansincrisis.net/).

DAAGLIKSE GEBEDSGIDS – SEPTEMBER 2009

Dinsdag 1 September 2009

Gebedsfokus op die omgewing: Produksie van vrugte in gevaar

Miljoene bye is deur 'n hoogs aansteeklike siekte aangetas, wat die produksie van vrugte in gevaar stel. Die meeste aangetaste byekolonies moet vernietig word. Hierdie is die ernstigste siekte onder heuningbye, wat 150 jaar gelede laas in Suid-Afrika voorgekom het en is waarskynlik hierheen gebring deur onwettig ingevoerde heuning wat met die kieme besmet was. (Webruimte: http://www.busrep.co.za/index.php?from=rss_&fArticleId=4964513). Dit sal 'n enorme impak op die beskikbaarheid van vrugte hê. Bid vir God se genade oor al ons oeste wat van die bye se werking afhanklik is om te groei en te vermeerder.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009**

Dag 11 – Dink aan Libië

Gedagtes en feite: Vandag is die 40ste herdenking van die Libiese rewolusie waardeur kolonel Muammar Qadhafi in Libië aan bewind gekom het. Die 67-jarige Qadhafi is vroeër vanjaar as die nuwe voorsitter van die *Afrika-Unie* (*AU*) verkies. Die nuwe voorsitter van hierdie pan-Afrikaanse organisasie beywer hom reeds lank vir die totstandkoming van 'n kontinentale regering. Veertig jaar gelede het baie min mense in Libië die Here geken en dit is vandag nog steeds die geval. Gebore Libiërs wat in Jesus glo, tel waarskynlik minder as vyftig mense uit 'n bevolking van 6,2 miljoen.

Bid vandag: *Vader, ons hoop op U heerlikheid, ons roep tot U ter wille van die mense van Libië en hulle leier. Openbaar asseblief Uself aan hulle as die Een en Enigste Lewende God. Ons dra kolonel Qadhafi se planne vir Afrika aan U op en bid dat U wil in hierdie situasie sal geskied en U koninkryk sal kom net soos dit in die hemel die geval is. Stuur asseblief ook arbeiders in die Moslem-oesland in Libië.*

Woensdag 2 September 2009

Gebedsfokus op Christelike waardes

Die term **Christelike waardes** verwys histories na die waardes wat in Jesus se leringe vervat is. Baie Christene is teleurgesteld met die toestand van die Kerk vandag, veral wanneer bekende leiers wat deur baie vertrou is, in sonde verval. Deur al die eeue heen was die enigste oplossing vir enige probleem nog altyd berou voor God. Dis net dan dat Hy hoor, vergewe, Sy toorn afwend en die land en sy mense genees. Vandeesmaand gaan ons in gebed op twaalf basiese Christelike waardes en beginsels konsentreer wat opnuut in die Kerk gevestig sal moet word. Ons moet ons missie as Christene om die samelewing waarin ons leef ten goede te verander, begryp, sodat die waardes van die Koninkryk van God uitgeleef kan word.

Verootmoedig jou voor die troon: Aanvaar Sy liefde

Teenoor God: *… Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand …* (**Luk.10:27**).

Teenoor mense: *… en jou naaste soos jouself* (**Luk.10:27**). Liefde is die verpligting om na die welsyn van ander om te sien, hulle menswaardigheid te respekteer en ander se behoeftes bo ons eie te stel.

Bevestig in gebed: Vader, ek het berou oor die hardheid van my hart. My woorde en dade wys dat ek merendeels myself liefhet. Vergewe my, asseblief. Wys vir my hoe om U en mense lief te hê met ware godgerigte liefde.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009**

Dag 12: Was Jesus 'n Moslem?

Gedagtes en feite: In Islam word Jesus as 'n boodskapper van God beskou, 'n profeet wat gestuur is om die Israeliete te lei. Sy boodskap is in die Injil (evangelie) opgeteken. Die Koran bevestig dat Jesus uit die maagd Maria (Maryam) gebore is volgens God se opdrag. Jesus het oor die vermoë beskik om op God se bevel wonders te doen. Vir die Moslems het Jesus inderwaarheid 'n vroeë vorm van Islam verkondig. Volgens hulle siening is Hy hoegenaamd niks meer as slegs 'n profeet nie.

Bid vandag: *Vader van ons Here Jesus Christus, ons bring die Moslems regoor die wêreld voor U genadetroon. Verlig die oë van hulle harte dat hulle sal verstaan hoe hoog en diep en wyd U liefde as die ware lewende God vir hulle is. Gee*

Moslems wat tot bekering gekom het, vrymoedigheid om oor hierdie sake te praat en die evangelie oor die radio, televisie ensovoorts aan ander te bring.

Donderdag 3 September 2009

Verootmoedig jou voor die troon: Aanvaar Sy geregtigheid

Teenoor God: *Ons sal die wil van die Here ons God doen as ons hierdie hele wet in Sy teenwoordigheid gehoorsaam en daarvolgens lewe soos Hy ons beveel het* (**Deut.6:25**). Wanneer ons doen wat reg is, word dit geregtigheid genoem.

Teenoor mense: *Jy moet die regspraak sy loop laat neem en vir niemand partydig wees nie. Wanneer jy regspreek, mag jy geen omkoopgeskenk aanneem nie, want dit maak dié wat van beter moet weet, blind en laat die saak van die onskuldige skeef loop* (**Deut.16:19**). Geregtigheid is liefde in aksie – om reg te stel wat verkeerd is in persoonlike, maatskaplike en openbare aangeleenthede.

Bevestig in gebed: Vader, ek het berou daaroor dat ek U geregtigheid verdraai het. Daar is maar min van 'n opregte voorneme by my om U gebooie na te streef en te onderhou, U gebooie wat tot vandag toe staan, omdat U nooit verander nie. Wys vir my hoe om regverdig te leef, geregtigheid te laat geskied en daagliks daarin te wandel.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009**

Dag 13: Gebed vir die nasies: Bid vir die stamme van Irak

Gedagtes en feite: 'n Groot persentasie Arabiere in Irak voer hulle herkoms terug tot een van etlike stamgroeperings. Elk van hierdie groepe is verdeel in stamme, clans, huise en uitgebreide families. Daar bestaan waarskynlik 20-30 stamgroeperings met meer as 100 000 mense en waarskynlik meer as 1 000 organisasies in die land wat op stamme fokus. Stamverwantskap en stamlewe staan sentraal in die Irakese kulturele identiteit.

Bid vandag: *Here God almagtig, wat ons op ons name noem, ons bring by name die vernaamste stamgroeperings van Irak voor u genadetroon: die Muntafiq, die Zubayd, die Dulaym, die 'Ubayd, die Khaz'al, die Bani Lam, die Al Bu Muhammed, die Rabi'a, die Ka'b, die Shammar, die Anaza, die Bani Tamim, die Zafir en die Bani Malik. Stort U Gees van wysheid en openbaring oor hulle uit, sodat mense uit elke taal en stam eendag voor U troon sal staan (**Op.5:9**). Ons bid vir al hierdie groeperinge, dat hulle nuwe lewe in Christus sal vind en geheel en al verander sal word tot U verheerliking.*

Die Maand *Ramadaan*: Die vyfde Pilaar van Islam

Vanaf 22 Augustus tot 20 September bid ons vir die ongeveer 1,7 miljard Moslems in die wêreld; vir God se genade en dat die Heilige Gees vir Jesus Christus, God se Seun, aan hulle sal openbaar. Dit is bemoedigend om te sien hoe die Here Christene regoor die wêreld oproep om vir Moslems te bid. Laat ons nie ophou bid nie. Wonderlike dinge gebeur en groot getalle Moslems plaas voortdurend hulle vertroue in Jesus Christus as Verlosser, en hulle lewens in Sy Hande.

Jy kan die gebedsriglyne in hierdie boekie oor hierdie tydperk volg. Oorweeg dit om ander te nooi om saam met jou vir die bekering van Moslems te bid in jul weeklikse biduur of Bybelstudie geleentheid gedurende September. Dit is ook 'n wonderlike geleentheid om kinders te leer om vir mense wat die Here nie ken nie te bid. Die kindergebedsboekie vir *Ramadaan* is nou beskikbaar vanaf: http://www.30-days.net

Ramadaan strek oor 'n tydperk van 30 dae. Gedurende hierdie tyd eet Moslems nie gedurende die daglig-ure nie. Dit is die vyfde pilaar van Islam en verpligtend vir Moslems. Dit is deel van wat hulle glo hulle moet doen om genoeg 'goeie werke' bymekaar te maak sodat hulle in die hemel kan kom. Honderde miljoene Moslems neem deel aan die *Ramadaan* vastyd. Elke Moslem probeer om Mekka minstens een keer in sy lewe te besoek.

As Christene glo ons dat die pad na versoening met God, en so ook die pad na die hemel, is om Jesus, ons Verlosser, se offer aan die kruis te aanvaar. Goeie werke kan nie vir ons die ewige lewe verdien nie. Nogtans doen ons goeie werke uit harte wat gevul is met dankbaarheid om God se liefde aan mense te demonstreer.

Vrydag 4 September 2009

Verootmoedig jou voor die troon: Aanvaar Sy vergifnis

Teenoor God: *As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe* (**Matt.6:14**).

Teenoor mense: *God het Hom verhoog tot Leidsman en Verlosser aan Sy regterhand, sodat Hy Israel tot bekering kan bring en hulle sondes kan vergewe* (**Hand.5:31**). Vergifnis beteken om die hindernisse in die pad van die liefde te verwyder. Dit is om alles wat mense uitmekaar dryf, te vermy, en om verhoudings te herstel en versoening te bewerk.
Bevestig in gebed: Vader, ek het berou oor my onvergewensgesinde hart. Ek begeer U vergifnis, maar ek is nie bereid om ander te vergewe vir dit wat hulle aan my gedoen het nie. Openbaar aan my die hart van Christus, wat Sy lewe gegee het sodat ek kan vergewe en vergewe kan word.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009**
Dag 14: Somaliërs in die VSA
Gedagtes en feite: Sedert 1991 het miljoene Somaliërs in hulle eie wrede burgeroorlog omgekom. Miljoene het uit hulle huise en land gevlug. Duisende woon nou in Europa. Minnesota in die VSA is die tuiste van tussen 30 000 en 70 000 Somaliërs. Baie van die oorspronklike immigrante (35 jaar en ouer) droom daarvan om terug te keer na 'n herstelde, vreedsame Somalië. Hulle woon in hegte gemeenskappe wat klem lê op getrouheid aan Islam en is gewoonlik nie ontvanklik vir ander gelowe nie, hoewel hulle baie gasvry is.
Bid vandag: *Here God van die hele aarde, ons bid vir al die Somaliërs wat in die buiteland woon en in besonder diegene in die VSA. Gee asseblief guns aan Christene om hulle vriende te word en vir hulle van U liefde te vertel. Vernuwe hulle gedagtes en wys aan hulle dat Jesus Christus die Weg, die Waarheid en die Lewe is.*

Saterdag 5 September 2009
Verootmoedig jou voor die troon: Onderneem om God alleen te aanbid
Teenoor God: *Jy mag naas My geen ander gode hê nie* (**Eks.20:3**). *… Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag* (**Mark.12:30**)
Teenoor mense: *As jy vir mense bang is, kan jy in 'n strik beland, maar as jy jou vertroue in die Here stel, is jy veilig* (**Spr.29:25**). Baie dinge kompeteer vandag met God vir ons toewyding, byvoorbeeld buitensporige aandag aan materiële besittings, soos huise, motors, klere, juwele en fisiese voorkoms. Daarby kom ook die najaag van rykdom, mag, roem, plesier of status en oormatige toewyding aan jouself, werk, stokperdjies, land, ideologieë, helde, leiers en selfs gesinne (**Gal.5:19-21, Ef.5:5, Kol.3:5, Fil.3:18-19**).
Bevestig in gebed: Vader, ek het berou en kies om geen afgod in my lewe te hê nie. Wys afgode in my lewe duidelik aan my uit, sodat ek van my bose weë kan wegdraai.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009**
Dag 15: Die benarde posisie van onvrugbare vroue in Islam
Gedagtes en feite: Die impak van onvrugbaarheid word vererger deurdat vroue gewoonlik verantwoordelik gehou word as die egpaar nie kinders het nie. Hierdie verwyt kan lei tot probleme met die skoonfamilie, huishoudelike geweld, verbeuring van finansiële sorg en selfs tot egskeiding. Moederskap is baie keer die enigste manier waarop vroue hulle status binne die familie en gemeenskap kan verbeter.
Bid vandag: *Vader, U is die God wat alles sien en die gesag het om die moederskoot te open en te sluit. Ons bid dat U Uself aan Moslemvroue bekend sal maak as die Een wat gebede verhoor. Ons bid dat baie U sal begin soek as die antwoord op hulle probleem. Laat die getuienis van Jesus Christus hulle harte met hoop en groot blydskap vervul namate hulle teenoor ander getuig oor wie U is, sodat baie mense in U koninkryk sal inkom.*

Sondag 6 September 2009
Sake van die hart: Die werke van God
Mense sê altyd God is aan die werk. Maar weet ons wat dit beteken? Sy natuur en karakter is so ver bokant ons begrip dat Salomo in **Prediker 3:11** skryf dat die mens nie die werk van God van begin tot einde kan begryp nie. Hy het ook alles gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd. Vers 14 sê: *Ek het tot die insig gekom dat wat God doen, blywend is: jy kan daar niks byvoeg nie en jy kan daar niks van wegneem nie.* God doen dit sodat die mens vir Hom ontsag sal hê. God doen ook niks sonder om dit aan hulle wat Hom volg, mee te deel nie (**Gen.18:17**). Maar Hy vertel dit net vir Sy vriende wat daagliks met Hom wandel (**Eks.33:11**). Wil jy God se hart en Sy werke ken? Vra Hom om jou te leer hoe om 'n ware vriend van Hom te wees, iemand met wie Hy Sy werke en geheime kan deel.

Vader, U werke is perfek en ver bo die mens se begrip. Dankie dat U altyd U vriende meedeel wat U gaan doen. Ek bid vandag dat U my sal leer om U vriend te wees. Leer my hoe om in al my weë met U te wandel en U vriend te wees.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 22 Augustus – 20 September 2009
Dag 16: Noordwes-Afrika
Gedagtes en feite: Uit die 78 miljoen mense in die drie nasies van Noordwes-Afrika (Algerië, Tunisië en Marokko) is moontlik slegs 50 000 Gelowiges. Baie het Jesus deur visioene, drome en bonatuurlike gebeurtenisse leer ken. Enige persoon wat probeer om 'n Moslem te bekeer, kan tot 5 jaar gevangenisstraf opgelê word met 'n maksimum boete van $7 000.
Bid vandag: *Tunisië (10,5 miljoen mense) is oënskynlik 'n Moslemland, maar die getal toegewyde Moslems is klein. Die oorgrote meerderheid Tunisiërs jaag hulle drome vir 'n beter leefstyl na. Daar is minder as 1 000 Christene in Tunisië. Bid vir dié land uit* **Hand.4:29-31**. *Marokko (33,8 miljoen mense) het 'n baie klein getal Marokkaanse Gelowiges. Dié getal neem stadig toe. Bid vir Marokko uit* **Matt.6:24-34**. *Bid ook vir koning Mohammed VI en die koninklike familie. Die kroonprins, Hassan, is ses jaar oud. In Algerië (33,8 miljoen mense) is daar in 2006 'n wet uitgevaardig wat die deur oopgemaak het vir die amptelike vervolging van Algerynse Gelowiges. Etlike Gelowiges is sedertdien in hegtenis geneem. Bid vir Algerië volgens* **Psalm 62:5-8**.

Het u geweet?
Kalief is die titel van die leier van die Islamitiese Ummah, die wêreldwye Islamitiese gemeenskap of nasie wat daarna streef dat die godsdienstige wet, die Sjaria-wet, die hoogste gesag sal wees. Die woord is afgelei van die Arabiese woord wat "opvolger" of "verteenwoordiger" beteken. Veral die vroeëre kaliefs is as Mohammed se opvolgers beskou.

Maandag 7 September 2009
Verootmoedig jou voor die troon: Onderneem om alle mense te eer
Teenoor God: *…die een wat My eer, sal Ek eer, en die een wat My minag, sal Ek minag* (**1 Sam.2:30**).
Teenoor mense: *Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee* (**Eks.20:12**).
Bevestig in gebed: Vader, ek het berou daaroor dat ek U, ander mense en veral my ouers, selfs in die geringste opsig, nie geëer het nie. Vergewe my my selfbeheptheid, dat ek nie lewe sodat ek U en die mense om my eer nie. Openbaar aan my hoe om U te eer en te eerbiedig, en ander te respekteer.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 22 Augustus – 20 September 2009
Dag 17: Fatima (Mohammed se dogter)
Gedagtes en feite: Fatima ("sy wat speen") is in 605 n.C. in Mekka gebore. Sy was Mohammed se gunstelingdogter en is deur hom as een van die vier perfekte vroue beskou. Fatima se goedhartigheid teenoor die armes en behoeftiges het lof by baie mense ontlok. Fatima was klaarblyklik 'n goeie invloed, maar haar naam word soms ook geassosieer met 'n okkulte voorwerp wat 'n negatiewe invloed in die Moslemwêreld het. Hierdie sogenaamde "hand van Fatima" word deur Moslems in amulette, gelukbringers en juwele gebruik om bose geestelike invloede af te weer.
Bid vandag: *Bid volgens* **Hand.19:18-20** *oor okkultiese invloede. Bid dat die miljoene Moslemvroue wat Fatima genoem word, nuwe lewe in Jesus sal vind.*

Dinsdag 8 September 2009
***Gebedsfokus op die Verenigde Nasies*: *International Prayer Council (IPC)* gebedsinisiatief 8-12 September 2009**
Die *VN* is moontlik die invloedrykste menslike instelling wat tans besluite oor gebeurtenisse wêreldwyd neem. Christene het in 2007 'n gebedsinisiatief begin wat op die aktiwiteite van die *VN* toegespits is. VN-ambassadeurs is diep getref hierdeur en het erken dat hulle geestelike leiding nodig het. Die *IPC* en hulle bedieningsvennote gaan weer van 8-12 September 'n spesiale gebedsinisiatief vir die *VN* hou. Dank die Here vir Christene wat hulle gebedsverantwoordelikheid opneem. Bid dat hulle hierdie week wysheid sal kry wanneer hulle vir verskillende situasies sal bid. Vra dat die Here baie *VN*-amptenare in Sy koninkryk sal intrek. (Webruimte: http://forwardtogetherinchangingtimes.com/goblog/index.php?option=com_content&view=article&id=82&catid=34 of

kontak Nita van der Merwe, *International Prayer Council*. Tel.: 012 365 3213 of faks: 012 365 3214. Webruimte: http://www.ipcprayer.org/contact.asp).

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 22 Augustus – 20 September 2009
Dag 18: Verlos hulle van die Bose
Gedagtes en feite: Moslems wêreldwyd het dikwels 'n vrees vir boosheid wat uit die geesteswêreld kan kom, en dit is by baie 'n onuitgesproke angs. Moslems glo nie net aan die bestaan van engele nie, maar ook aan die bestaan van 'Djinn'. Hulle glo dit is wesens wat baie soos mense is deurdat hulle hulle eie maatskaplike organisasie en aktiwiteite het; tog kan hulle hulle voorkoms verander en na willekeur sigbaar of onsigbaar word. Die meeste Moslempredikers glo dat 'Sjaitan' (Satan, ook Iblis genoem), ook 'n 'Djinn' is.
Bid vandag: *Jesus is die ware Here van die wêreld. Aan Hom is alle gesag gegee. Bid dat Moslems Christus en Sy gesag oor alle magte van duisternis sal leer ken. Bid vir Moslems wat jy ken en vir ander, deur die volgende teksverse te gebruik:* **Matt.8:16, 10:1** en **Hand.5:16, 8:17.**

Woensdag 9 September 2009
Verootmoedig jou voor die troon: Kies om nederig te wees
Teenoor God: *Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog* (**Jak.4:10**).
Teenoor mense: *'n Mens moet nie sy eie voordeel soek nie, maar dié van ander* (**1 Kor.10:24**). Nederigheid is die teenoorgestelde van aggressiwiteit, arrogansie, spoggery en ydelheid. Om in nederigheid op te tree, ontneem ons nie ons eiewaarde nie, maar dit bevestig die inherente waarde van alle mense. Nederigheid laat woede verdwyn en heel ou wonde. Nederigheid onderskei die wyse leier van die arrogante, magsbehepte persoon (**Spr.17:7, Matt.20:20-28**).
Bevestig in gebed: Vader, ek het berou oor my hoogmoedige hart met sy aggressiwiteit, arrogansie, ydelheid en ingesteldheid op die bevrediging van my eie behoeftes. Leer my die nederigheid en sagmoedigheid van Christus, sodat ek saam met Hom die aarde kan beërwe (**Matt.5:5**).

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 22 Augustus – 20 September 2009
Dag 19: Ali (Mohammed se neef en aangenome seun)
Gedagtes en feite: Ali is in ongeveer 600 n.C. gebore en was Mohammed se neef, aangenome seun en skoonseun wat met Mohammed se dogter Fatima, getroud was. Vir Sjiïtiese Moslems is Ali die eerste ware onfeilbare Imam. Hulle beskou hom en sy nakomelinge (Hassan en Hussein) as Mohammed se regmatige opvolgers. Onenigheid hieroor het Islam uiteindelik in die Soennitiese en Sjiïtiese takke laat verdeel. Hassan en Hussein het albei 'n verskriklike dood gesterf en word as martelare beskou. Hussein se dood het 'n belangrike rol gespeel in die stigting van die prominente Sjiïtiese beweging in Irak en Iran.
Bid vandag: *Letterlik miljoene Moslemmans regoor die wêreld word Ali, Hassan of Hussein genoem. Bid dat hulle 'n ontmoeting met die lewende Messias sal hê* (**Hand.7:56** *en* **9:1-5**). *Miljoene Irannese en Irakkese gedenk elke jaar Hussein se dood, met 7-8 miljoen pelgrims wat Karbala in Irak gedurende hierdie tyd besoek. 'n Gewilde Sjiïtiese spreekwoord lui: "'n Enkele traan wat vir Hussein gestort word, was 'n 100 sondes af." Bid dat die Sjiïete van Irak en Iran die waarheid van die bloed van Jesus sal sien* (**1 Pet.1:18-19**).

Manne wat bid: Hoe om te bid vir jou seun?

Daar behoort 'n spesiale band tussen 'n pa en 'n seun te wees. Seuns kan nie tot mans en vaders ontwikkel sonder 'n pa se teenwoordigheid nie. 'n Pa se lewe, voorbeeld en gebede bepaal tot 'n groot mate hulle seuns se lewens. Iewers lees ek onlangs hierdie aanhaling: "My kind, jy sal oor die berge en valleie van my gebede moet klim en deur die riviere van my trane moet swem as jy in die hel wil beland." Ek sou graag ook nog wou byvoeg: "om jou lewe te vernietig."

- 'n Pa moet tyd met sy kind spandeer om te weet wat om vir sy seun te bid. Hy moet leer hoe sy seun dink, waarvan hy droom, wat sy sterk en swak punte is. Hy moet sy kind se hart verstaan. 'n Pa moet nooit sy eie wil op sy seun afdwing nie. Die seun moet altyd beleef sy pa maak vir hom ruimte om homself uit te leef. Dit is van uiterste belang dat 'n seun sal besef sy pa dink dat hy waarde het. Hy móét goedkeuring en aanvaarding van sy pa beleef.
- Wanneer 'n pa vir sy seun begin bid, moet hy begin deur sy seun te seën. Kyk hoe Jakob sy seuns in **Gen.49** geseën het. Die pa moet die Naam van die Here oor sy kind uitroep, die Here vra om sy kind te seën met die seëninge wat

ons in **Num.6:24-26** vind. Doen dit gereeld. Dit is nie net 'n eenmalige ding nie. In die Joodse kultuur seën die pa sy kinders eenmaal per week wanneer die Sabbat gevier word!

- Bid vir die redding van jou kind. Daar is niks belangriker as dat jou seun met God versoen sal word nie. Al die ander dinge vloei daaruit voort.
- 'n Pa moet met genade en barmhartigheid bid. Sy kind is nie volmaak nie. Sy seun sal opstandig wees by tye, foute maak, onkundig wees, soms terugdeins vir uitdagings en soms onverantwoordelik optree. In sulke gevalle moet 'n pa genadig wees en met genade bid. Moenie met veroordeling bid nie. Moenie jou kind voor God aankla nie. Onthou dat jyself ook 'n kind was.
- 'n Pa moet so leef dat hy kan bid. Jy kan nie vir jou kind bid as jy nie so leef dat jy kan bid nie – jy moet heilig, met 'n navolgenswaardige voorbeeld, in liefde en geduld leef. Jy kan nie met 'n hart vol sonde leef en dan vir jou seun probeer bid nie.
- Bid die beloftes van God. Lees die Woord en vra die Heilige Gees om vir jou die beloftes in die Woord wat op jou kind van toepassing is, te wys en bid daardie beloftes vir jou kind.
- Bid dat jou seun God se skeppingsdoel vir sy lewe sal verstaan en dit sal leef. Bid dus dat hy sal verstaan waarom hy op aarde is, watter bydrae hy moet maak, watter invloed hy moet uitoefen, wat God se doel met sy lewe is.
- 'n Pa hou nooit op om vir sy seun te bid nie, ongeag of die pa 25 of 60 jaar oud is. Jou seun bly jou verantwoordelikheid totdat jy doodgaan.
- Leer om God se hart vir die kind te verstaan en vra die Vader om dieselfde gesindheid in jou hart te werk.
- Die Bose is 'n realiteit. Vra God om jou seun van die Bose te bewaar, van aanvalle van die Bose en versoekings.
- Bid dat jou seun nie aan groepsdruk sal toegee nie, maar dat hy sy eie keuses sal maak en sy waardes sal uitleef, ongeag die situasie. Bid dat die Here vir jou seun vriende sal gee wat hom nie van God sal weghou of wegdryf nie, maar wat getrou sal wees en hom kan versterk in tye wanneer dit moeilik gaan.
- Vra vir die Here of daar iets is wat jy verkeerd teenoor jou kind gesê of gedoen het en indien daar is, vra vir God én jou seun om vergifnis daarvoor.
- Sien jou kind se potensiaal, ongeag wat dit mag wees, en moedig hom aan om dit uit te leef. Moenie jou wil op jou seun afdruk en bv. van hom verwag om 'n dokter of predikant of aktuaris te word as jy een is nie.
- Vra die Here om jou hart so te verander dat jy jou seun sal liefhê soos Hy hom liefhet.
- Bid van vroeg af reeds vir jou seun se lewensmaat. Om vir jou seun se redding te bid, is die belangrikste ding, maar om vir sy huweliksmaat te bid is waarskynlik die tweede belangrikste saak in jou seun se lewe.

Donderdag 10 September 2009

Verootmoedig jou voor die troon: Kies om eerlik te wees

Teenoor God: *Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes* (**Gal.6:7**).

Teenoor mense: *… Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here uit te tart? Die mense wat jou man begrawe het, is nou net weer by die deur, en hulle sal jou ook uitdra* (**Hand.5:9**). Vals verklarings, halwe waarhede en insinuasies is oneerlik en dui op 'n gebrek aan integriteit. Dit gebeur net te dikwels in reklame, saketransaksies, die politiek, huwelike en verhoudings. Ons moet sterk weerstand bied teen die versoeking om by enige vorm van diefstal, kullery, misleiding, insinuasie, laster of skinder betrokke te raak. Rasionalisering is 'n vorm van selfmisleiding waardeur ons onsself oortuig dat sondige optrede geregverdig is ten einde 'n goeie resultaat te verkry. Dit is egter net 'n ander vorm van oneerlikheid (**Jak.1:26, 1 Joh.1:8**). Heiligheid beteken om volgens God se gebooie te **leef**, nie om 'n eindresultaat te verkry nie (**Matt.4:8-10**). In Bybelse lering heilig die doel **nie** die middele nie!

Bevestig in gebed: Vader, ek het berou oor my oneerlikheid. Ek struikel maklik t.o.v. misleiding, rasionalisering en die begeerte om 'n goeie uitkoms na te jaag. Wys vir my wanneer ek dié dinge doen, sodat ek alle valsheid kan laat staan.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 22 Augustus – 20 September 2009

Dag 20: Sentraal-Asië

Gedagtes en feite: Sentraal-Asië is die tuiste van meer as 100 miljoen mense. Die oorgrote meerderheid is Moslems, wat aansienlike getalle Russe, Oekraïners en Sjinese insluit. Baie Moslems is nie toegewyd in hulle geloof nie; nogtans lyk dit asof die aantal toegewyde Moslems in die hele gebied toeneem. Die meeste regerings in die gebied het die

afgelope paar jaar begin om Gelowiges te vervolg en uit hulle eie lande te verban. In 2008 het Kirghizstan en Kzakhstan wette uitgevaardig wat godsdiensvryheid aansienlik beperk. Ook Oesbekistan en Toerkmenistan het alreeds begin met erge onderdrukking van Gelowiges.

🕊 **Bid vandag**: *Here, U het gesê, soos waters die seebodem bedek, so sal die magtige teenwoordigheid van die Here oral op die aarde geken word* (**Hab.2:14**). *Ons bid dat U Naam oor die hele wêreld verkondig sal word* (**Matt.24:14**). *Versterk Gelowiges* (**2 Kor.12:9**) *wat in gevangenisse is of in die komende jare in die gevangenis sal wees ter wille van hulle geloof* (**Heb.13:3; Hand.16:23-25**).

Vrydag 11 September 2009

Gebed vir die *Verenigde Nasies (VN)* en Wêreldstede – 8-12 September 2009

'n Groep Christene gaan vandag aan 'n spesiale gebedsinisiatief deelneem deur 'n gebedswandeling by *Ground Zero* (waar die Wêreldhandelsentrum eers gestaan het) te onderneem en te bid soos die Here hulle lei. Kom ons sluit by hulle aan en vra vir God dat die aarde gevul sal word met die kennis van die Here se magtige teenwoordigheid (**Hab.2:14**). Bid ook dat God transformasie en deurbrake in die wêreldekonomie en politieke aangeleenthede sal bewerk. (Webruimte: http://www.ipcprayer.org/contact.asp).

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 22 Augustus – 20 September 2009

Dag 21: Badaksjani's in die afgeleë Pamir-gebergte

🕮 **Gedagtes en feite**: Die hoë Pamir-gebergte oorheers die landskap van die groter Badaksjan wat oorloop in Noordoos-Afghanistan, Oos-Tadjikistan en Noord-Pakistan. Die meerderheid van die bevolking in Badaksjan bestaan uit 'n Moslem Ismaelitiese sekte. Hulle beskou hulle geestelike leier, die Aga Khan, as 'n god. Die meeste ander Moslems beskou die Ismaeliete as ketters. Daar is min Gelowiges in Badaksjan en sover bekend is daar geen Gelowige gemeenskappe nie. Baie Badaksjani's kom egter op ander plekke, soos in Doesjanbe (hoofstad van Tadjikistan) en in Moskou tot bekering.

🕊 **Bid vandag**: *Bid volgens **Jer.16:19-21** vir die bevolking van Badaksjan. Bid vir hulle wat die Aga Khan as 'n god aanbid, dat hulle sal besef dat hy net soos ons 'n mens is. Bid dat hulle geestelike blindheid en misleiding verwyder sal word sodat hulle die evangelie sal kan verstaan.*

Saterdag 12 September 2009

Verootmoedig jou voor die troon: Kies om 'n morele lewe te lei

Teenoor God: *Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik* (**1 Kor.6:19-20**).

Teenoor mense: *Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam* (**1 Kor.6:18**). Jou liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees, wat in jou is. Jy behoort nie aan jouself nie; daarom moet jy God met jou liggaam eer (**1 Kor.6:19-20**). Volgens Jesus kom die volgende neer op die immorele gebruik van die liggaam: bose gedagtes, moord, egbreuk, seksuele immoraliteit, diefstal, valse getuienis, laster, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, wellus, afguns, arrogansie en dwaasheid. Ons dink dikwels aan moraliteit slegs as seksuele sondes, maar volgens Jesus is sondes soos laster, hebsug, bedrog en arrogansie net so immoreel.

Bevestig in gebed: Vader, ek het berou oor die immoraliteit in my lewe. Ek bedink bose gedagtes, vat klein items wat nie aan my behoort nie en waarvoor ek nie betaal nie, ek is hebsugtig en nog baie ander dinge. Ek roep ernstig tot U Heilige Gees om hierdie sondes vir my te wys, sodat ek hulle kan bely en van my bose weë kan wegdraai.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 22 Augustus – 20 September 2009

Dag 22: Jesus, die Woord van God en die Messias

🕮 **Gedagtes en feite**: Islamitiese geleerdes stem nie saam oor die titel wat in die Koran aan Jesus gegee word en die Bybelse gedagte dat Jesus God is nie. Alhoewel sommige Moslems weet dat daar in die Koran na Jesus as die Woord van God verwys word, verstaan die meerderheid dit nie soos Christene dit verstaan nie. Die Koran praat wel van Jesus as die Messias (dieselfde woord as Christus in Grieks), maar die meeste Moslems het geen idee wat dit beteken nie. Die term behels nie net die konsep van 'n goeie koning nie, maar ook een wat 'n redder en verlosser is, wat alle onreg sal regmaak en in geregtigheid sal heers.

🕊 **Bid vandag**: *Bid dat Moslems regoor die wêreld vrae sal begin vra en sal verstaan dat Jesus se Name "Die Woord van God" en "Messias", presies is wat dit beteken. Bid dat die waarheid in* ***Joh.1:1-4,14*** *en* ***Matt.16:13-17*** *aan hulle geopenbaar sal word.*

Sondag 13 September 2009

Sake van die hart: Kyk anders na dinge

Dit is vir die mens onmoontlik om die werk van God te begryp (**Pred.3:11**), maar ons weet van een werk wat God doen waaruit ons almal voordeel trek: God is aktief aan die werk in mense se harte, Hy vorm hulle elkeen afsonderlik (**Ps.33:15**). As jy gewillig is om jou hart aan die Here oor te gee, kan Hy Sy bedoelings deur jou lewe laat geskied. God het jou lief net soos jy is, maar Hy is te lief vir jou om jou so te laat bly! Wanneer Hy ons harte herskep, verander die manier waarop ons ons man of vrou, ons kinders, ons kollegas, die land ensovoorts beskou. Hy bewerk Sy hart in ons elkeen. Laat jy Hom toe om jou tereg te wys? Sien jy hoe jy anders optree en reageer op die probleme in jou lewe? Ons moet gewillig wees om God se werk in ons lewens toe te laat.

God ons Vader, vergewe my dat ek U teregwysing weerstaan en in die wind slaan, veral wanneer dit kom deur iemand wat gesag oor my het. Vergewe my dat ek as gevolg van hoogmoed en 'n onwilligheid om te erken dat ek ook verkeerd kan wees, myself bo teregwysing stel. U is die pottebakker en ek die klei; vorm asseblief my hart volgens U wil.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 22 Augustus – 20 September 2009

Dag 23: God se boodskap per radio

Gedagtes en feite: Christelike radio-uitsendings speel 'n baie groot rol in die bediening van die evangelie van Christus in baie Moslemlande. Dit is soms vir die luisteraars moontlik om SMS'e te stuur, te bel of te skryf om literatuur aan te vra. Die pospakkies wat Bybels bevat, word egter in verskeie lande dikwels deur die godsdiens-sekuriteitsowerhede onderskep. Dit bly steeds 'n risiko vir enigiemand om met 'n Bybel in sy besit betrap te word; daarom moet Moslems wat meer wil weet, baie versigtig wees wanneer hulle Bybels bekom.

🕊 **Bid vandag**: *Bid vir elke telefoongesprek en ontmoeting met geïnteresseerde radioluisteraars. Vra vir afsprake deur God geïnspireer* (**Hand.8:26-31**). *Bid dat geïnteresseerde luisteraars Bybels en ander nuttige materiaal kan ontvang ten spyte van die owerhede se wakende oë. Bid ook vir die soekers se familielede wat daarteen gekant kan wees dat hulle na evangeliese radio luister en Bybelmateriaal ontvang.*

Maandag 14 September 2009

Reddingsfokus: Plaaswerkers

Plaaswerkers het dikwels nie 'n maklike lewe nie. Baie het net werk tydens oestyd. Ander werk weer vir baie jare op dieselfde plaas en maak hulle kinders daar groot. Bid vir plaaswerkers, hulle vrouens en kinders. Bid dat boere spesiaal moeite sal doen om die evangelie aan hulle werkers te bedien en toe te sien dat hulle uiteindelik dissipels van die Here word. Bid dat plaaswerkers hulle harte vir die Here Jesus sal gee en lewende getuies van God se liefde en goedheid sal word, veral teenoor boere wat onsimpatiek en genadeloos optree, sodat hulle met Christus se gesindheid sal leef en optree.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 22 Augustus – 20 September 2009

Dag 24: Moslems in Malegaon, Indië

Gedagtes en feite: Malegaon is ongeveer 220 km noordoos van Moembaai met 'n geskatte bevolking van een miljoen. Daar is ongeveer 200 moskees aan die een kant van die rivier en 'n menigte Boeddhistiese en Hindoetempels aan die ander kant. Die meeste plaaslike Moslems behoort tot die "Ansari" bevolkingsgroep en is toegewyd aan die tradisies, leringe en raadgewing van hulle leiers. Toe die evangelie in 2008 op 'n baie taktvolle manier aan hulle gebring is, wou baie Moslems niks weet van Jesus Christus nie en ook nie die Nuwe Testament (Injil) lees nie. Alhoewel Hindoe-Moslemverhoudings regdeur Indië gespanne is, móét die gemeenskappe in hierdie stad saamwerk omdat hulle van mekaar afhanklik is.

🕊 **Bid vandag**: *Bid vir die redding van hulle gemeenskapsleiers. Verskeie Moslems het wel in 2008 traktaatjies en Bybels gevra. Bid dat hierdie openheid kan lei tot 'n persoonlike ontmoeting met God.*

Sendingartikel: Meer Moslems neem Christus aan

Wat is aan die gebeur?

'n Mens hoor selde daarvan in die nuus. Jy hoor bykans nooit daarvan in die kerke in die Weste, in die Ooste, of selfs in die Midde-Ooste nie. Maar die groot 'geheime' verhaal is dat meer Moslems vandag tot geloof in Jesus Christus kom as in enige ander tyd in die geskiedenis. Meer as 1 miljoen Moslems in Sjina het Christus aangeneem sedert 1979. In Pakistan is daar nou meer as 2,5 miljoen volgelinge van Jesus Christus en in Soedan meer as 5 miljoen. Dit gebeur in alle Moslemlande dat miljoene Islam verlaat om Christus te volg. In Sirië alleen is daar nou tussen 4 000 en 5 000 gelowiges terwyl daar in 1967 bykans geen Christene was nie. In Saoedi-Arabië is daar nou ongeveer 100 000 volgelinge van Jesus. In 1967 was daar bykans geen Gelowiges nie.

Wat motiveer hulle om ander opsies te soek?

Hulle beleef dat Moslemregerings en -gemeenskappe nie daarin slaag om hulle lewens te verbeter en vir hulle vrede te gee nie - ook nie 'n gevoel van doel en betekenis in die lewe nie. Dit noop hulle om verder na sin en waarheid te soek. Sommige van hulle het die pad heeltemal byster geraak en agnostici en ateïste geword. Ander het hulle tot alkohol en dwelms gewend. Maar miljoene het ontdek dat slegs Jesus Christus die pyn in hulle harte en die diep wonde in hulle binneste kan genees.

Vir ander is dit moontlik geweld wat hulle van die Koran en die Moskee wegdryf. Hulle sien heeltemal te veel Moslemleiers, -regerings en -predikers wat geweld goedkeur en gewelddadig teenoor vrouens en kinders en selfs teenoor ander Moslems optree.

In 1993 het 'n Saoedi-sjeik 'n preek gelewer met die titel: "Christensendelinge maak skoonskip in die Islamitiese Wêreld". Agt jaar later, in Desember 2001, het 'n ander belangrike Saoedi-geestelike in 'n direkte uitsending van 'n Aljazeera satelliet-televisiestasie bevestig dat ongeveer 667 Moslems hulle elke uur tot die Christendom bekeer. Al Qataani het gewaarsku: "Elke dag bekeer 16 000 Moslems hulle tot die Christendom, elke jaar 6 miljoen." (Bron: *The Macedonia Project*. Tel.: 012 755 8139, faks: 086 630 3193. Webruimte: http://www.macsa.co.za of e-pos: info@macsa.co.za).

Dinsdag 15 September 2009

Verootmoedig jou voor die troon: Kies om vrygewig te wees met tyd en geld

Teenoor God: *As jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie, sodat jou goeie daad verborge kan bly. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon* (**Matt.6:3-4**).

Teenoor mense: *… Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang* (**Hand.20:35**).

Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld (**Jak.1:27**). Die Bybel sê dat ons oorvloedig moet gee aan diegene in nood. Om geld te gee is partykeer makliker as om tyd te gee. Beide is duur om te gee. Wees 'n vriend vir iemand wat siek of eensaam is, werk as vrywilliger êrens of kies 'n diensgeoriënteerde beroep. Ons kan ook onbaatsugtig van ons tyd aan ons eggenoot, kinders of ouers afstaan.

Bevestig in gebed: Vader, ek het berou dat ek suinig is omdat ek bang is dat ek gebrek sal ly as ek van my geld en goed weggee. Ek redeneer soos die wêreld en verstaan maar min van hoe U koninkryk werk! Leer my om met 'n dankbare hart te gee. Wys vir my hoe om tyd en geld te gee waar U wil hê ek dit moet doen.

Gebedsfokus tydens Ramadaan: 22 Augustus – 20 September 2009

Dag 25: Hulle draai na Jesus toe

Gedagtes en feite: Khalid het kenners van die Koran genader om 'n beter begrip oor sekere sake te verkry, maar sy hart het nie tot rus gekom nie. Op 'n dag het hy by een van sy vriende uit sy kindertyd gekuier en daar op 'n boek afgekom wat hy gemeen het 'n kommentaar op die Koran was. Terwyl hy die boek gelees het, het hy egter die antwoorde op baie van sy vrae gekry. Hy het daarna twee nagte na mekaar 'n droom gehad waarin hy dié woorde gesien het: "Ek is die God na wie jy soek, Ek is die waarheid." Sy vriend het vir hom verduidelik dat dit waarskynlik die God van die Bybel was wat Homself aan hom geopenbaar het. Hy het Khalid uitgenooi om tot daardie God te bid en Khalid het toe 'n Gelowige geword. (Kyk by die webruimte: http://www.secretbelievers.org/ vir meer inligting.)

Bid vandag: *Bid vir die geheime Gelowiges wat by die plaaslike gemeentes hulp vra en dit soms nie kry nie, dat hulle sal aanhou om op Christus te hoop, sal aanhou soek en dat die Here vir hulle mense sal gee om hulle te help. Bid vir die*

leiers van gelowige gemeenskappe in Moslemlande. Hulle beleef ernstige druk uit verskeie oorde. Bid dat plaaslike gemeentes gewillig sal wees om nuwe Gelowiges te help.

Woensdag 16 September 2009

Verootmoedig jou voor die troon: Kies teen skynheiligheid

Teenoor God: … *Iemand wat sê: "Ek ken Hom," maar nie sy gebooie gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie. Wie sy woord egter gehoorsaam – in hom het die liefde van God werklik sy doel volkome bereik. Hieraan weet ons dat ons in Hom is* (**1 Joh.2:3-5**).

Teenoor mense: *Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself* (**Jak.1:22**). Die Fariseërs was 'n godsdienstige en politieke party wat op 'n uiters streng nakoming van die Bybelse wette gestaan het met betrekking tot tiendes, rituele reinheid en ander sake. Maar tegelykertyd het hulle die ware gees en bedoeling van die wet geïgnoreer en selfvoldaan, snobisties en hebsugtig geword. Dit is nie wat ons sê wat saak maak nie, maar wat ons doen. As ons beweer dat ons Christene is maar nie toelaat dat Jesus se lering die gids vir ons lewens is nie, is ons niks anders as skynheilig nie.

Bevestig in gebed: Vader, ek het berou dat ek U gebooie net aanhoor en dit nie uitvoer nie. Ek glo dat ek in U is, maar ek verstaan nie duidelik wat dít vereis nie! Wys my daarop elke dag, elke oomblik, sodat ek 'n ware dader van U Woord sal wees.

Getuienis uit Wes-Afrika

Soos baie ander mense in Togo het ek as 'n Moslem grootgeword. Ek het nie baie gereeld op die normale gebedstye by die moskee gebid nie, maar ek het God regtig liefgehad. Toe ek 19 jaar oud was, het ek vir die eerste keer ernstige probleme by die skool ondervind. Ek het na antwoorde begin soek. Ek het selfs boeke oor Jesus begin lees en het etlike Christelike byeenkomste in die geheim saam met 'n vriend bygewoon. Toe my pa daarvan uitvind, het hy my gedwing om die huis te verlaat en die verhouding met my familie het agteruitgegaan. My pa het my onterf en my belet om sy begrafnis by te woon. 'n Paar Gelowiges het my in hulle huise aanvaar. Ons leef baie eenvoudig en ek hou aan groei in my verhouding met Jesus.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009**

Dag 26: Die nag van krag

Gedagtes en feite: Sommige Moslems gaan óf vannag óf môrenag (na gelang van waar in die wêreld hulle woon) die grootste gedeelte van die nag in gebed deurbring. Hulle herdenk dan Mohammed se eerste openbaring van die Koran in 'n grot naby Mekka in 610 n.C. Op hierdie tydstip in *Ramadaan* is baie Moslems meer ontvanklik vir bonatuurlike gebeurtenisse en verwag hulle dat gebedsversoeke wat hulle in hierdie tyd gevra het, beantwoord sal word. Daar is duisende Moslems wat getuig van 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus tydens so 'n 'nag van krag'. Laat ons ook vannag tot die Here roep vir die siele van baie Moslems.

Bid vandag: *Here, U is 'n Vader vir die vaderloses. U is naby hulle wat nederig en berouvol van hart is en op soek is na die waarheid.* (**Jes.51:17, 57:15 en 66:2**). *Vader, dink aan hulle wat waarlik U hulp in hierdie nag soek. Openbaar Uself aan hulle sodat hulle sal verstaan dat Jesus Christus die Ewige Lewe is* (**Ps.34:18, Sag.9:9**).

Donderdag 17 September 2009

Verootmoedig jou voor die troon: Kies om onselfsugtig te wees

Teenoor God: *Moenie oordeel nie, en oor julle sal nie geoordeel word nie. Moenie veroordeel nie, en julle sal nie veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word* (**Luk.6:37**).

Teenoor mense: … *Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie; met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word. Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?* (**Matt.7:1-3**). Niemand is volmaak nie; ons almal val in die een of ander opsig in sonde (**Rom.3:23**). Om 'n morele lewe te lei beteken om verantwoordelikheid vir ons eie optrede te aanvaar. As ons sê of selfs maar net dink dat ons beter is as ander mense wat deur ons as "sondaars" beskou word, maak ons ons skuldig aan die sonde van eie-geregtigheid. Ons het nie die reg om neer te sien op ander mense, hulle te kritiseer, te veroordeel of te probeer om hulle te beheer nie. Die oordeel behoort

aan God. Dit ontken nie die reg van regerings om reg en orde te handhaaf en belastings in te vorder, of die reg van die Kerk om kerklike dissipline toe te pas nie.
Bevestig in gebed: Vader, ek het berou oor my eie-geregtigheid en my veroordelende hart. Ek wys nie tereg met die doel om te genees nie, maar om krities die verkeerde uit te wys en te veroordeel. Leer my die liefde van Christus, sodat ek kan leer om ander in nederigheid tereg te wys.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009**
Dag 27: Maleisië
Gedagtes en feite: Maleisië is steeds 'n kerngedeelte van die Moslemwêreld in Suidoos-Asië met 'n bevolking van 24 miljoen, van wie 60% Moslems is. Hierdie land het 'n beduidende invloed in Suidoos-Asië . Die Maleisiërs is regdeur die geskiedenis van Christelike sendingwerk baie verwaarloos. Toenemende getalle plaaslike Gelowiges (Sjinese, Indiërs en stamgroepe) probeer om van hulle geloof in Christus teenoor hulle Moslembure en -kollegas te getuig.
Bid vandag: *Bid dat geestelike leiers onder die Maleisiërs na vore sal kom om die evangelie te verkondig en hulle eie mense te leer en herders vir hulle te wees. Vra dat God deur middel van die onlangs voltooide Skrifgedeeltes in die Maleisiese taal en konteks sal werk, namate Maleisiërs die geleentheid kry om dit te lees. Bid dat God die harte van die Maleisiërs en die talle ander onbereikte volke regoor Suidoos-Asië wat aan hulle verwant is, sal aanraak, deur drome en visioene, sodat hulle sal begeer om God te ken.*

Vrydag 18 September 2009
Verootmoedig jou voor die troon: Kies om jou vyande lief te hê
Teenoor God: *… Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is* (**Jak.4:4**).
Teenoor mense: Julle het gehoor dat daar *gesê is: "'N OOG VIR 'N OOG EN 'N TAND VIR 'N TAND.' Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle nie teen 'n kwaadwillige mens verset nie. As iemand jou op die regterwang slaan, draai ook die ander wang na hom toe. As iemand jou hof toe wil vat om jou onderklere te eis, gee hom ook jou boklere … Julle het gehoor dat daar gesê is: 'JOU NAASTE MOET JY LIEFHÊ EN JOU VYAND MOET JY HAAT.' Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg …* (**Matt.5:38-40, 43-44**).
Jesus het gesê dat daar geen plek vir haat, griewe, wraak, vergelding of terugbetaling in gelyke munt in 'n Christen se lewe is nie. Om 'n grief te koester of wraak te wil neem is **nooit** gepaste reaksies op 'n vermeende onreg nie. 'n Grief verwoes die een wat dit koester met bitterheid, en wraak laat net die vyandigheid toeneem. Jesus wil hê ons moet met ons teëstanders versoen raak, hulle hulle oortredings vergewe en die woede laat vaar wat ons in die versoeking kan bring om wraak te wil neem.
Bevestig in gebed: Vader, ek het berou daaroor dat ek met die wêreld vriende is en almal haat wat ek my vyande noem. Openbaar U hart aan my, sodat ek kan leer hoe om my vyande op praktiese maniere werklik lief te hê en waarlik 'n vriend van God te word.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009**
Dag 28: Gewese Moslempredikers kies Christus
Gedagtes en feite: Die meeste mense buite die Midde-Ooste het moontlik nog nie van Amr Khaled, Mustafa Hosni, Moez Masoud of Ahmad al-Shugairi gehoor nie. Hierdie predikers van die Moslemgeloof het egter 'n aansienlike aanhang in die Arabiese Wêreld deur middel van *Middle Eastern Television* en die Internet. Amr Khaled was in 2006 nommer 13 op *TIME*-tydskrif se lys van 100 invloedrykste persone van die jaar. Daarenteen is daar gewese Moslems wat die verskille tussen Islam en die Christelike godsdiens vanuit beide die Bybel en die Koran duidelik maak. Baie Moslems het so die geleentheid om dinge te verstaan waaraan hulle voorheen nie gedink het nie, en om hulle lewens aan Jesus Christus oor te gee en Hom te dien.
Bid vandag: *Bid vir hierdie en ander mense wat die Moslemgeloof verkondig, sodat hulle ook 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus sal hê. Dank God vir die persone wat tyd maak om die waarheid van God se Woord op praktiese maniere oor te dra sodat Moslems die evangelie kan verstaan. Volhard in gebed dat die waarheid van Christus aan die Moslemvolke van die wêreld bekend gemaak sal word.*

Hierdie hartroerende gebed is die wanhopige kreet van ’n Moslemvrou tot Allah (god). Mag dit jou inspireer om te bid dat hulle Jesus Christus sal ontmoet in die volheid van wie Hy is en wat Hy kan doen.

Gebed van ’n wanhopige Moslemvrou

Ek is onvrugbaar. Ek hou elke maand my asem op en sê ’n gebed – baie gebede – en elke maand sal die veranderende maan my brose verwagtings bespot as daar nog ’n stroom bloed uit my vloei. O Allah, wat sal ek nie gee om daardie onverbiddelike gety te kan stuit nie! Ek word verag deur mans, wat geen ander nut vir my sien as om net kinders in die wêreld te bring nie. Ek word bejammer deur vroue wat meer begunstig is as wat ek is, en op wie ek intens jaloers is. Ek is totaal en al alleen, met ’n groot leegheid in my wat my van binne af laat vergaan, ’n uitgerekte, stadig afsterf van die hart. Ek word bietjie vir bietjie lewendig verteer. Leë moederskoot, leë arms, leë hart. Ek is ’n droë stok, ’n verskrompelde wingerd, ’n uitgeholde boomstam. My liggaam is ’n ontsaglike, onvervulde belofte.

Ek kyk hulpeloos toe hoe my man se oë die bewegings van jonger vroue volg. Ek het hom oneer aangedoen deur nie ’n seun in die wêreld te bring nie. Hy gaan binnekort van my skei. Ek probeer om nie te dink aan waarheen ek sal gaan of wat ek gaan doen nie. Ek het geen skoolopleiding nie. My pa en ma sal my nie terugneem nie, want ek is nie meer hulle verantwoordelikheid nie. Ek word elke môre wakker en bid dat ek darem nog vir een dag ’n dak oor my kop gaan hê. Partykeer bid ek dat my man my moet liefhê, maak ek sal tevrede wees as hy sal ophou om my te slaan en op my te skree omdat ek hom nie kinders gee wat ek so desperaat is om te hê nie. Een seun sal my skande vir altyd wegneem.

Saterdag 19 September 2009

Gebedsfokus op Israel: Fees van die Trompette

Dit is vandag die begin van die *Fees van die Trompette* (**Lev.23:23-25**), wat twee dae lank gevier word. Dit simboliseer vir sommige dat Jesus Christus aan die einde van die tyd sigbaar na die aarde sal terugkeer (**Matt.24:31, 1 Kor.15:52-53, 1 Tess.4:13-17**). Hierdie fees gedenk die geluid van die trompette wat Sy wederkoms vooraf sal gaan (**Op.8-10**). (Webruimte: http://ucg.org/resources/calendar.htm). Bid asseblief dat Jode in hierdie tyd oop en ontvanklik sal wees vir die boodskap van Jesus Christus en die profesieë uit die Skrif duidelik sal verstaan. (*Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. Webruimte: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net).

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009**

Dag 29: Om vir Jesus en Moslems lief te wees

Gedagtes en feite: “Ek het as ’n jong Palestynse vlugteling in ’n tyd van oorlog saam met my familie Nasaret toe gevlug. Ons het later uitgevind dat Jode in ons huis in Haifa gaan woon het in my familie se afwesigheid. Dit was vir my as kind moeilik om te verstaan waarom God party mense kan liefhê en ander op straat laat beland. Soos die jare verbygegaan het, het ek ’n vyand van die Joodse volk geword. Toe ek ’n Gelowige geword het, het ek ’n ou Joodse man ontmoet wat om vergifnis gevra het vir die dinge wat hy gedoen het. Ek is diep daardeur geraak en van daardie tyd af het my liefde vir die Joodse volk nooit ophou groei nie.” Toe daar aan hierdie voormalige vlugteling gevra is: “Is dit vir ’n Jordaniër of ’n Palestyn moontlik om vir ’n Israeliese soldaat lief te wees?” het hy geantwoord: “Vir die volgelinge van die Messias het die woord ‘liefde’ ’n ander betekenis as vir hulle wat nie die Here ken nie. Vir ons kom die liefde van God deur die kruis van Christus.” Hy het voortgegaan: “Ek het ook Irak besoek. Terwyl ek daar was, het my hart vol geraak met liefde vir die Moslems daar. Ek het ook gepraat van die intense liefde wat God my vir die Jode gegee het terwyl Israeliese soldate my identiteitsdokumente in Jerusalem nagegaan het.”

Bid vandag: *Daar is verskeie inisiatiewe deur Messiaanse Jode en Arabiese Gelowiges vir gebed en versoening. Bid vir verdere deurbrake in versoening en groter liefde en respek tussen Jode en Arabiere* (**1 Joh. 4:12, 19**). *Bid dat die hoop op ware versoening deur Christus geproklameer sal word in Israel en Palestina en as model sal dien vir beide Jode en Moslems. Jesus word dikwels voorgehou as iemand wat persoonlike vrede bring* (**Matt.5:9, Ef.2:14** en **2 Pet.3:13**).

Sondag 20 September 2009

Sake van die hart: Maak jou hart oop vir God se woorde

In **Esegiël 3:10** sê God vir Esegiël: *Mens, onthou alles wat Ek vir jou sê, luister goed daarna.* Toe stuur God Esegiël om hierdie boodskap aan Israel te bring. God praat op verskillende maniere met ons. Ons wil dikwels hê dat Hy in ’n hoorbare

stem met ons moet praat. Ons leer egter uit hierdie vers hoe God wil hê ons na Hom moet luister. Sy begeerte dat ons Sy woorde in ons harte moet ontvang, is vir Hom belangriker as die manier waarop Hy met ons praat. Baie mense hoor gereeld God se stem, maar dit dring nooit deur tot hulle harte of plaas hulle op koers om hulle lewens daarvolgens in te rig of dit te gehoorsaam nie. Wanneer laas het jy God se stem duidelik gehoor? Het jy jou hart oopgestel, die woorde oordink en besluit wat om daarmee te doen? En toe jy dit verstaan het, het jy gedoen wat Hy vir jou gesê het? *Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe* (**Spr.4:23**). Dink jy in jou hart oor God se boodskap na?

Vader, vergewe my asseblief dat as ek soms U stem hoor, ek nie met my hele hart U boodskap aanvaar nie. Leer my om U elke keer te eer en respekteer wanneer U met my praat deur die Skrif, 'n vriend, die Sondagdiens of op enige ander manier. Ek gee U my hart; help my asseblief om sensitief te wees vir U stem, om dit te hoor en dan te doen wat U vir my sê.

***Gebedsfokus tydens Ramadaan:* 22 Augustus – 20 September 2009**
Dag 30: Die Afar-nomade in die Horing van Afrika
Gedagtes en feite: Daar is ongeveer 1,5 miljoen Afar-mense. Die Afar het vir eeue baie min geleentheid gehad om die evangelie te hoor. Die Afar is geslagte lank bekend vir hulle opsê van die Koran en vir hulle vrees vir die geeste van die woestyn. 'n Radioproduksie van hoogstaande gehalte is in samewerking met die paar Afar-gelowiges ontwikkel. Die afgelope drie jaar bid baie mense in 'n Etiopiese gemeente vurig vir die Afar. In 2008 het pasbekeerde Afar-susters 'n uitgebreide radioreeks vir vroue saamgestel. Nomadiese vroue het die moontlikheid van nuwe lewe in Christus ontdek, danksy hierdie susters se toewyding en liefde.
Bid vandag: *Bid vir die radioproduksiespan en hulle baie luisteraars in hierdie gebied. Bid dat mans, vroue en kinders die nuwe radioprogram sal hoor en hulle harte vir die boodskap van vryheid sal oopstel. Bid dat gesinne gelowig sal word en nuwe gemeenskappe van Gelowiges tot stand sal bring.*

Maandag 21 September 2009
Gebedsfokus op redding: Kroegwerkers
Jong mans en meisies doen gewoonlik hierdie werk vir 'n ekstra inkomste. Hier sal hulle by tye met baie slegte situasies te doen kry, soos bv. klante wat te veel gedrink het, of begin vloek en baklei of onvanpaste toenadering by hulle soek. Bid asseblief vir kroegwerkers, dat God hulle lewens diep sal aanraak en hulle in Sy koninkryk sal intrek. Bid vir hulle beskerming in sulke situasies. Vra ook vir die redding van alkoholiste.

Gebedsfokus op die Kerk: Comore-eilande
God is besig om omstandighede op hierdie eilande te verander, en dit volg na baie gebede. Hou aan met bid vir die entoesiasme van die jong Kerk. Gelowiges het vanjaar Paasfees gevier, aan die *Wêreldbiddag* deelgeneem en ook begin met 24-7-gebedsopleiding. Bid vir die volgehoue groei van die Kerk, dat meer godvresende leiers sal reageer op God se oproep om nuwe Gelowiges te dissipel. (Bron: Vertroulik).

Dinsdag 22 September 2009
Gebedsfokus op kinders: Aangemelde verkragtings
Syfers wat in Desember 2008 deur die *Departement van Veiligheid en Sekuriteit* uitgereik is, toon dat 'n totaal van 15 857 kinderverkragtings in een jaar in Suid-Afrika aangemeld is. Slegs 22% van hierdie sake loop uit op die skuldigbevinding van die volwasse verkragter. Daar word elke dag meer as 40 kinders verkrag. Ontleders glo dat die meerderheid kinderverkragtings nooit geregistreer word nie. (Webruimte: http://www.afrol.com/articles/14965). Bid asseblief dat die slagoffers van kinderverkragting geglo sal word wanneer hulle vertel dat hulle verkrag is. Vra dat elkeen wat aanhoudend verkrag word, vir Jesus op 'n persoonlike manier sal vind. Bid dat God in hulle omstandighede sal ingryp en dat alle kinderverkragters se misdade aan die lig sal kom en hierdie mense gehelp sal kan word.

Gebedsfokus op werk: Wêreldwye werksverliese
Volgens die *Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO)* kan tot 51 miljoen poste wêreldwyd verloor word as gevolg van die wêreldwye ekonomiese krisis, wat die wêreld se werkloosheidskoers teen einde van 2009 tot 7,1% kan verhoog, in

vergelyking met 6,0% in 2008 en 5,7% in 2007. (Webruimte: http://news.bbc.co.uk/2/hi/business/7855661.stm). Laat ons aanhou bid vir die wat hulle werk verloor het. Vra dat hulle goeie werksgeleenthede sal vind om vir hulle gesinne te sorg. Bid dat God hulle sal bewaar om nie by onwettige praktyke betrokke te raak nie.

Woensdag 23 September 2009

Gebedsfokus: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*

Bid asseblief vandag vir al die personeellede van die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk.* Bid spesifiek vir hulle fisiese gesondheid en beskerming teen siekte, teëspoed en geestelike aanslae. Bid dat God nuwe deure sal oopmaak om gebed as 'n leefstyl te bevorder en dat gewone mense geïnspireer sal word om volhardend tot God te roep. Bid steeds saam met ons dat gebedsmateriaal nie in die pos sal wegraak nie, veral die *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids.* (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Gebedsfokus op Zimbabwe: Ekonomie

Volgens die Zimbabwiese Minister van Ekonomie is die land se ekonomie vinnig besig om onder die eenheidsregering te herstel. Hy skryf dit onder andere toe aan die institusionele veranderinge aan die land se *Reserwebank*. (Webruimte: http://business.iafrica.com/news/1632280.htm). Kom ons volhard in gebed vir die volkome herstel van hierdie land; fisies, emosioneel en geestelik.

Donderdag 24 September 2009

Fokus op opvoeding: Bywoning by opvoedkundige instellings

Net 66% van Suid-Afrikaners in die Wes-Kaap tussen die ouderdomme 5-24 jaar woon 'n opvoedkundige instelling by, die laagste van al die provinsies. Die hoogste bywoning is in Limpopo, met 82%. (Gemeenskapsopname, 2007). (Webruimte: http://www.eighty20.co.za/ of e-pos: fact.a.day@eighty20.co.za). Hou asseblief aan bid vir gehalte en uitnemendheid in die onderwys en opleiding by alle opvoedkundige instellings in Suid-Afrika. Bid asseblief vir die graad 12-leerders wat binnekort met hulle eindeksamen gaan begin.

Gebedsfokus op Maledive: Nuwe President

Die verkiesing van Mohamed Nasheed tot President van Maledive in Oktober 2008 word as die begin van 'n nuwe era van verandering beskou. Godsdiens is so 'n sensitiewe kwessie in dié land dat President Nasheed dit nie by sy hervormingsplanne ingesluit het nie. Sy voorganger het Soennitiese Islam die hoeksteen van nasionalisme gemaak. Die eens godsdienstig verdraagsame gemeenskap van Maledive – wat na volks-Islam geneig het – het meer radikaal geword. Islam het 'n verpligte skoolvak geword. (Lars Widerberg, *Intercessors Network,* Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com). Bid dat hierdie man Jesus as Redder sal ontmoet en vir wysheid om sy land te regeer. Bid ook dat die Kerk sal aanhou groei, ten spyte van volgehoue vervolging.

Vrydag 25 September 2009

Gebedsfokus op danksegging: SA in feite

Het u geweet dat Suid-Afrika twee derdes van Afrika se elektrisiteit genereer, dat 40% van die kontinent se telefone hier te vinde is en dat 20% van die wêreld se goud hier gemyn word? (Webruimte: http://www.adventurezone.co.za/where_to_go.asp). Dank die Here vir die vele maniere waarop ons land 'n seën vir omliggende nasies is. Doen vandag spesiaal moeite om die Here te dank dat ons in Suid-Afrika kan woon, dat ons Hom persoonlik kan ken en vir Sy volgehoue seën oor ons as 'n nasie vir so baie jare. Moet nooit ophou bid dat Sy wil in ons land, regering, ekonomie, ensovoorts sal geskied nie.

Gebedsfokus op redding: Droogte in Niger

Volgens 'n onlangse verslag deur 'n nasionale verteenwoordiger by die *Missions*-fest in Pretoria, het sekere gebiede in Niger vir 27 jaar geen reën gehad nie. Trouens, die laaste oorblywende boom wat nog op 'n spesifieke plek gestaan het, het onlangs omgeval en is in 'n museum geplaas. Letterlik 'n hele generasie is gebore en het grootgeword sonder om ooit

reën te sien! Bid vir God se strome van redding oor hierdie dorstige land en sy mense. (*Ethne*, webruimte: http://www.joshuaproject.net/ethne.php of e-pos: ethne06-prayer@strategicnetwork.org).

Gebedsbemoediging: Vanaf die Kaap tot in Ciprus

'n Suid-Afrikaanse dame wat nou in Ciprus woon het onlangs vir ons hierdie bemoedigende brief geskryf. Hoewel Ciprus soos hemel op aarde **sonder misdaad is,** IS DIT 'N BAIE DONKER PLEK! As ek van Ciprus na SA vlieg, is ek altyd oorweldig wanneer ek my voete op SA bodem sit! Die teenwoordigheid van God is amper tasbaar, dit is asof ek in 'n fontein instap! Oral hoor jy mense wat oor die Here praat en sien jy mense wat hulle Bybels op die vliegtuie lees! Dit is soos om hoop in te asem! Ek weet dit mag dalk moeilik vir julle wees om dit nou te glo, want daar is so 'n geweldige groot behoefte aan gebed vir SA, maar wees bemoedig – God hoor, selfs wanneer een persoon bid, om nie eers te praat van die duisende der duisende wat oor ons groot land versprei is nie! Moenie moed opgee nie!

Die duisternis in Ciprus is so erg omdat dit so verskuil is! As 'n mens die eerste keer daar kom, is 'n mens beïndruk deur die front van sogenaamde 'gelukkige families' wat voorgehou word! Daarna ontdek 'n mens al die buite-egtelike verhoudings, egskeidings, molesterings en aborsies as 'n vorm van geboortebeperking en jy sien dat die duiwel nêrens genade het nie. Hy het nie nuwe truuks nie, net verskillende pakkette! Sy doel is altyd om dood te maak en te vernietig en hy het verskillende maniere om dit te doen op verskillende plekke! Die uitdagings in SA het ons na God laat hardloop! Dankie vir die voorreg om in vennootskap met julle in gebed te wees, al is ek so ver weg! Daar is geen afstand in die gees nie! (Gaenor Erasmus, e-pos: gaenor@hfhhospitality.co.za).

Saterdag 26 September 2009

Gemeenskapsopheffing: *Valcare Trust*

Valcare Trust is 'n nie-winsgewende Christen-organisasie met die doel om armoede in die Paarl-Vallei te verminder. Hulle is 'n inligtings- en netwerkorganisasie en verskaf dienste aan gemeentes, projekte of organisasies, besighede en ander diensverskaffers. Dank die Here vir mense wat bereid is om uit te reik met projekte om die fisiese omstandighede van mense in hierdie gebied te verbeter. Bid dat meer mense by hierdie projek betrokke sal raak en dat dit veel vrug sal dra. (*Valcare Trust*, Louie Straat 2, Paarl, 7646. Tel.: 021 872 2365, faks: 021 872 2376. Webruimte: www.valcare.org.za of e-pos: admin@valcare.org.za).

Gebedsfokus op die evangelie: *Trans Wêreld Radio – Afrika*

Trans-Wêreld Radio saai die evangelie in Wes-Afrika uit na 'n potensiële luisteraartal van meer as 190 miljoen mense. Tussen 60% en 70% van Wes-Afrikane is ongeletterd en daarom word sang, poësie, drama en dans gebruik om onderrig te gee en inligting oor te dra. "*Radio Bible*" programme en "*Mighty God*!" gebruik Bybelverhale om die almag van God te verkondig aan mense wat hoofsaaklik animiste is en voedoe-praktyke beoefen. (*Trans-Wêreld Radio – Afrika*, webruimte: http://www.twrafrica.org/ of e-pos: prnews@twraro.org.za). Dank God vir hierdie uitsendings. Vra dat baie lewens werklik deur hierdie boodskappe verander sal word, tot Sy verheerliking.

Sondag 27 September 2009

Sake van die hart: Hou wag in gebed en sien hoe God se hart in mense se harte gevestig word

Nadat God aan Esegiël gesê het om alles te onthou wat Hy vir hom sê en om goed daarna te luister (**Eseg.3:10**), sê God nou vir Esegiël dat Hy hom as 'n wag oor Israel aangestel het (**Eseg.3:16**). Wanneer ons God se woorde in ons harte ontvang het, verstaan ons beter wat Sý hart vir 'n spesifieke situasie is. Hy gee ook vir ons gebedsopdragte oor ander aangeleenthede as ons persoonlike sake. Vir Esegiël was dit om die woorde van God aan Israel oor te dra. Vir jou mag dit dalk beteken dat Hy iets op Sy hart het vir mense in jou gemeenskap, by jou werk, jou gemeente of Suid-Afrika. Luister jy na Sy stem as Hy met jou praat oor ander aangeleenthede as net jou persoonlike behoeftes? Wanneer ons Sy woorde in ons harte ontvang, maak Hy ons 'n wag (*watchman*) oor daardie situasies: Om oor die situasie of mense wag te hou, beteken om aanhoudend daaroor te bid en te luister na Sy hart en om Sy wil bekend te maak aan mense na wie Hy ons stuur.

Vader, vergewe my asseblief dat ek dikwels net na U stem luister vir my eie of my gesin se behoeftes. Leer my en verbeter my vermoë om te hoor wat U vir my sê oor my invloedsfeer in hierdie wêreld. Versterk my om getrou te bly en te volhard in gebed oor hierdie situasies. Leer my om 'n ware wag (watchman) soos Esegiël te wees.

Maandag 28 September 2009

Gebedsfokus op redding: Die Joodse volk

Joom Kippoer (die Groot Versoendag) word op die tiende dag van die Hebreeuse maand Tishri, einde September of vroeg Oktober op die sekulêre kalender, gevier. Die eerste Joom Kippoer het plaasgevind nadat Moses teruggekeer het van sy tweede besoek aan die berg Sinai met die nuwe stel kliptafels waarop die Tien Gebooie was en God het beveel dat dit van toe af 'n dag van versoening vir alle nasies sal wees (**Lev.16:29-31**). (*Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. Webruimte: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net). (Webruimte: http://www.ucg.org/resources/calendar.htm). Kom ons maak tyd om die Here aan te roep vir hierdie generasie van die Joodse volk, dat Hy die reddende genade van God deur die bloed van Jesus Christus wat al hulle sondes op Hom geneem het, weer eens aan hulle sal openbaar.

Gebedsfokus op gesondheid: Wêreldhartdag

Kardiovaskulêre siektes is wêreldwyd die grootste oorsaak van dood en eis 17,5 miljoen lewens per jaar. Risikofaktore vir hartsiekte en beroerte sluit in hoë bloeddruk, hoë cholesterol en 'n hoë bloedglukosevlak, rook, onvoldoende inname van vrugte en groente, oorgewig en fisiese onaktiwiteit. (Webruimte: http://www.who.int/mediacentre/events/annual/world_heart_day/en/index.html). Maak tyd om te bid vir mense wat aan hartsiektes ly. Bid dat baie Christus sal vind en goeie versorgers van hulle liggame sal wees.

Dinsdag 29 September 2009

Gebedsfokus op kinders: SA straatkinders

Daar is meer as 470 000 Suid-Afrikaanse huishoudings wat kinders het wat in die strate woon. (GHS 2007) (Webruimte: http://www.eighty20.co.za/ of e-pos: fact.a.day@eighty20.co.za). Bid vir die straatkinders. Vra God om mense te roep om meer Christelike weeshuise vir straatkinders regoor ons land op te rig.

Gebedsfokus op Eritrea: Regering staan die werk van die Kerk teë

Die Eritrese regering het hulle veldtog verskerp om 'n netwerk kerke wat baie skole en weeshuise bedryf en wat aktief in ontwikkelingswerk is, uit te roei. Bid dat Christene wat gearresteer is, aan God getrou sal bly. Dank God en bid dat die Kerk guns by die regering sal geniet sodat hulle werk in Eritrea baie sal uitbrei. (*Barnabas Fund*, e-pos: subscribe@barnabasfund.org).

Woensdag 30 September 2009

Gebedsfokus op evangelisasie: *There is Hope Ministries*

Na 20 jaar se voltydse betrokkenheid by die *JESUS Film,* reik *There is Hope Ministries* nou deur middel van die Internet suksesvol uit na mense in nood, wêreldwyd en in Suid-Afrika. Hulle fokus hoofsaaklik op evangelisasie, opvolgwerk en om geestelike groei aan te moedig by almal wat reageer. (*There is Hope Ministries*. Tel.: 028 271 5124. Webruimte: http://www.hope365.co.za of e-pos: pieter@hope365.co.za). Prys die Here vir wonderlike getuienisse van mense wie se lewens verander word. Vra die Here vir finansiële voorsiening, ook vir ander bedieninge wat die evangelie oor die Internet verkondig.

Gebedsfokus op sending: *Operation Mobilisation (OM) Ships International*

Hierdie skepe besoek baie lande se hawens, waar hulle die evangelie uitdra. Bid vir voldoende bemanning om aan boord van die skepe te dien, soos gekwalifiseerde dek- en ingenieursoffisiere. Bid dat mense wat die skepe besoek, deur God se liefde getref sal word wanneer hulle aan boord gaan. Bid vir die bemanning vir geleenthede om mense in baie verskillende lande te bedien. Vra dat die Here die bemanning sal seën met guns in die oë van die owerhede. (Lars Widerberg, *Intercessors Network*, Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com).

DAAGLIKSE GEBEDSGIDS – OKTOBER 2009

Gebedsfokus vir Oktober

Ons gaan gedurende Oktober in gebed op Sjina fokus deur vir die verskillende provinsies en geaffilieerde gebiede te bid. Sjina het die grootste bevolking ter wêreld, en daarom is dit nie 'n geringe taak wat ons vir onsself stel om vir hierdie nasie te bid nie. Sjina het die afgelope paar jaar hulle invloed tot baie nasies regoor die wêreld uitgebrei. Hulle voer hulle goedere daarheen uit, maar koop ook grond en gaan ooreenkomste aan om grondstowwe uit ander lande, veral Afrika, te bekom, om in sy bevolking se basiese behoeftes te help voorsien. Die statistiek en feite wat gebruik word om ons gebedsinligting te ondersteun, is hoofsaaklik verkry uit *Operation World*, 2001. Doen gerus self ook navorsing en moedig ander gelowiges aan om ook in gebed te verenig vir belangrike deurbrake vir die evangelie in hierdie nasie.

Donderdag 1 Oktober 2009

Gebedsfokus op kanker: *Nasionale Borskankerbewustheidsmaand*

Die *Nasionale Borskankerbewustheidsmaand (NBCAM)* organisasie is vanjaar 25 jaar oud. Hulle doelwit is om vroue op te voed en te bemagtig om beheer oor hulle eie borsgesondheid te neem deur gereeld self borsondersoeke te doen en om enige verandering te identifiseer, om gereeld hulle dokter te besoek en elke jaar 'n mammogram te laat doen, om die voorgeskrewe behandeling getrou te volg en die feite te ken i.v.m. die terugkeer van kanker. (Webruimte: http://www.nbcam.org/about_nbcam.cfm). Dank die Here vir baie wat Christene word te midde van die teëspoed wanneer hulle uitvind dat hulle kanker het. Bid asseblief dat kankerpasiënte almal Jesus sal ontmoet en Hom sal volg.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 1 – Oorsig van godsdiens in Sjina

Die Sjinese en baie ander minderheidsgroepe se godsdiens is hoofsaaklik 'n vermenging van volksgelowe, Taoïsme en Boeddhisme. 'n Statistiese opname van die Sjinese bevolking in 2001 het die volgende getoon: Nie-godsdienstig/ander, 49,58%, Sjinese godsdiens, 28,50%, Boeddhiste, 8,38%, Christene, 7,25%, etniese godsdiens, 4,29% en Moslem, 2%. Akkurate statistiek oor Christene is nie beskikbaar nie. Dié 7,25% wat hier genoem is, is slegs 'n aanduiding van die merkwaardige werk van die Heilige Gees. Dank die Here vir wat Hy in Sjina doen en dat Hy die Kerk stelselmatig laat groei. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Vrydag 2 Oktober 2009

Gebedsfokus op die ekonomie: SA maatskappye vaar goed

Sewentien Suid-Afrikaanse maatskappye is ingesluit in die lys van 2 000 genoteerde topmaatskappye wat deur die Amerikaanse uitgewer, *Forbes,* saamgestel word. Een maatskappy het opgeskuif na 223, vanaf die 522ste plek verlede jaar, 'n verbetering wat toon dat Suid-Afrikaanse maatskappye ook nou vername spelers in die wêreldwye korporatiewe sektor is. (Webruimte: http://business.iafrica.com/features/1645164.htm). Dank die Here dat Hy gebede om die ekonomie te laat groei beantwoord het. Vra dat hierdie maatskappye hulle werknemers sal kan behou ten spyte van die probleme wat die wêreldekonomie tans in die gesig staar.

Gebedsfokus op Sjina: Dag 2 – Wat gebeur in die Kerk?

Die groei van die Kerk in Sjina sedert 1977 het geen gelyke in die geskiedenis nie. Die effektiwiteit van Christelike radio word nou duidelik. Die "eenkindbeleid" het 'n groot impak op die gesinslewe gehad, soos blyk uit die volgende: 'n hoër egskeidingsyfer, 10 miljoen aborsies per jaar (feitlik almal dogtertjies), selfmoord (40% van die wêreld se selfmoorde is in Sjina). Aanneming van Chinese dogtertjies uit kinderhuise deur Chinese gesinne word nou toegelaat. In 2000 was daar 90 miljoen hubare mans; in sommige gebiede oorskry jong mans jong vroue se getalle met 30-40%. Bid vir gesinstabiliteit en -gesondheid. Bid ook dat 'n wyse beleid ingestel sal word wat die bevolking sal stabiliseer. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Saterdag 3 Oktober 2009

Gebedsfokus op Sjina: Dag 3 – Vervolging bly 'n realiteit

Die vlak van vervolging van mense in huiskerke wat nie bereid was om by die TSPM (regeringsinstelling) te registreer nie, het sedert 1996 toegeneem. Arrestasies (honderde in 1999), swaar boetes, gedwonge sluiting en die verwoesting van kerkgeboue (200 in 1997) het in sekere sleutelgebiede toegeneem. Bid vir Christene se volgehoue toewyding om oor Christus en Hom as die Gekruisigde te preek, ongeag die prys en sonder om kompromieë aan te gaan. 'n Verdere uitdaging is die wydverspreide tekort aan Bybels, studiemateriaal en leiers wat teologies goed opgelei is. Bid dat God baie godvresende mans en vroue as leiers sal oprig. (Webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@gmi.org).

Gebedsfokus op Israel: Huttefees (Sukkot) – 3-9 Oktober

Hierdie fees gedenk die Jode se omswerwinge in die woestyn na hulle uittog uit Egipte toe hulle in tydelike tente of hutte moes woon (**Lev.23-24**). Messiaanse Jode (Jode wat glo dat Jesus (Yeshua) die Messias is) verstaan dat die *Huttefees* hulle leer dat, wanneer die Messias Jesus terugkom, 'n nuwe koninkryk opgerig sal word met Hom as Koning oor alle konings en Here oor alle heersers (**Op.19:11-16; 20:4; Lev.23:39-43; Matt.17:1-4; Heb.11:8-9**). (Webruimte: http://www.ucg.org/resources/calendar.htm). Bid dat die Joodse volk 'n openbaring sal ontvang van Jesus as die Messias wat reeds gekom het. (*Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. Webruimte: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net).

Sondag 4 Oktober 2009

Sake van die hart: Pasop wat jy doen en hoe jy dinge doen

In **Esegiël 16:30** praat God met die hele Jerusalem wanneer Hy sê: "Hoe siek is jy nie in jou binneste nie, dat jy sulke dinge aanhou doen het!" (Die Boodskap). Die Here praat in hierdie gedeelte oor die inwoners van Jerusalem wat afgode aanbid, altare vir hulle bou en selfs hulle eie kinders doodmaak deur hulle aan die afgode te offer. Hoe verder ons van God af leef, hoe meer versleg ons harte. As ons gedurende die week so sake doen dat mense nie 'n verskil sien in die manier waarop Christene en nie-Christene besigheid doen nie, is daar iets verkeerd. As ons ons huweliksmaat 'n bietjie verkul en dit net as 'n grap beskou, dan dien ons immoraliteit en nie reinheid nie. Vrees is 'n vorm van ongeloof - om nie te glo dat God beheer sal neem van 'n situasie nie: God het nie vir ons 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van liefde, krag en selfbeheersing (**2 Tim.1:7**). Vra die Here om vir jou die afgode wat jy dien uit te wys, en begin om hulle doelbewus uit jou lewe te verwyder.

Vader, ek bely dat party van hierdie dinge 'n werklikheid in my lewe is. Vergewe my dat ek dinge afmaak as nie so ernstig of belangrik nie, wanneer dit wel vir U van groot belang is. Wys asseblief hierdie week vir my die afgode in my lewe. Help

my om ten volle te verstaan hoe U oor hierdie teenstrydighede voel. Here, bewaar my van die Bose in my lewe, wys my die regte pad en help my om my denkpatrone en manier van doen te verander.

Gebedsfokus op aborsie: *International Life Chain Sunday*

Christene hou vandag *International Life Chain Sunday* deur openbare standpunt in te neem vir die regte van ongebore babas. (Vir meer inligting, besoek: www.christianaction.org.za/courses-events/lifechain.htm). (Webruimte: http://www.lifechain.net). Bid dat moeders wat aborsie oorweeg, weer daaroor sal dink. Kom ons hou aan bid dat die Suid-Afrikaanse wette wat aborsie op aanvraag goedkeur, gewysig sal word.